**edurescourcza.com**

Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

SKEPPENDE KUNSTE

# Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

## *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*




## *Senior fase*
## *Graad 7-9*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 7-9

# SKEPPENDE KUNSTE


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-1554-7**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die samelewing van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# INHOUD


**AFDELING 1: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ... 3**

**1.1 Agtergrond ... 3**

**1.2 Oorsig ... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ... 4**

**1.4 Tydstoekenning ... 6**

1.4.1 Grondslagfase ... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ... 6

1.4.3 Senior Fase ... 7

1.4.4 Graad 10–12 ... 7

**AFDELING 2: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBELEID VIR SKEPPENDE KUNSTE ... 8**

**2.1 Wat is skeppende kunste? ... 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ... 8**

**2.3 Tydstoekenning vir skeppende kunste in die kurrikulum ... 9**

**2.4 Oorsig van onderwerpe ... 13**

2.4.1 Dans ... 13

2.4.2 Drama ... 15

2.4.3 Musiek ... 17

2.4.4 Visuele Kunste ... 21

**AFDELING 3: KWARTAALPLANNE ... 24**

**3.1 Wat word in dans onderrig? ... 24**

3.1.1 Dans in Graad 7 ... 24

3.1.2 Dans in Graad 8 ... 28

3.1.3 Dans in Graad 9 ... 32

**3.2 Wat word in drama geleer? ... 36**

3.2.1 Drama in Graad 7 ... 36

3.2.2 Drama in Graad 8 ... 40

3.2.3 Drama in Graad 9 ... 44

**3.3 Wat word in musiek geleer? ... 49**

3.3.1 Musiek in Graad 7 ... 49

3.3.2 Musiek in Graad 8 ... 53

3.3.3 Musiek in Graad 9 ... 57



Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**3.4 Wat word in visuele kunste geleer? ... 61**

3.4.1 Visuele Kunste in Graad 7 ... 61

3.4.2 Visuele kunste in Graad 8 ... 66

3.4.3 Visuele Kunste in Graad 9 ... 71

**AFDELING 4: ASSESSERING ... 75**

**4.1 Inleiding ... 75**

**4.2 Informele daaglikse assessering ... 75**

**4.3 Formele assessering ... 75**

**4.4 Assesseringsprogramme ... 77**

4.4.1 Dans (een van twee kunsvorms) ... 78

4.4.2 Drama (een van twee kunsvorms) ... 79

4.4.3 Musiek (een van twee kunsvorms) ... 81

4.4.4 Visuele Kunste (een van twee kunsvorms) ... 82

**4.5 Opname en verslag ... 83**

**4.6 Moderering van assessering ... 84**

**4.7 Bylae ... 85**

**4.8 Algemeen ... 87**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b (i)* en *(ii),* wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR),* gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6 (A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en samelewing;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolsamelewing, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede | **6** | **6** | **7** |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (2) |
| • Skeppende Kunste | (2) | (2) | (2) |
| • Liggaamlike Opvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1) | (1) | (1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede | **4** |
| • Skeppende Kunste | (1,5) |
| • Liggaamlike Opvoeding | (1) |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien ŉ leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# AFDELING 2: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBELEID VIR SKEPPENDE KUNSTE

## 2.1 WAT IS SKEPPENDE KUNSTE?

Die vak Skeppende Kunste bied blootstelling aan, en die studie van, 'n reeks kunsvorms insluitende dans, drama, musiek en visuele kunste (insluitende ontwerp en kunsvlyt) vanaf Graad R tot Graad 9. Die hoofdoel van die vak Skeppende Kunste is om leerders as kreatiewe, verbeeldingryke individue te ontwikkel wat die kunste waardeer en wat 'n basiese kennis en vaardigheid sal hê om aan kunsaktiwiteite deel te neem en om hulle vir moontlike verdere studie in die kunsvorms van hulle keuse in Verdere Opvoeding en Opleiding (VOO) voor te berei.

## 2.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Die voorneme van die vak Skeppende Kunste is om:

- kreatiewe, uitdrukkingsvolle en innoverende individue en spanne te ontwikkel;
- leerders met blootstelling en ondervindinge in dans, drama, musiek en visuele kunste te voorsien;
- toegang tot basiese kunsopvoeding vir alle leerders te bied;
- kunstalent, aanleg en entoesiasme te identifiseer en te koester;
- leerders met die nodige basiese vaardighede toe te rus om sodoende verdere studies in die kunsvorm van hulle keuse na te streef;
- 'n bewustheid van die kunste van diverse kulture te ontwikkel;
- leerders aan 'n reeks loopbane in die kunste bloot te stel;
- kunsgeletterdheid en waardering te ontwikkel;
- toekomstige gehore en kunsverbruikers te ontwikkel; en
- lewensvaardighede deur middel van die kunste te ontwikkel.

**Dans**

Die studie van dans in die Senior Fase as deel van Skeppende Kunste fokus daarop om geleenthede vir leerders te voorsien om sodoende die plesier van dans te ervaar, hoe om hulle liggame veilig te gebruik, om fiksheid vir dans te ontwikkel en om voldoende basiese vaardighede te ontwikkel sodat hulle Dansstudies as 'n vak in VOO kan kies. Deur middel van improvisasie en komposisie begin leerders dans verken en hulle eie bewegingsekwense te skep en om dans as skeppende kuns te waardeer. Omdat dansopvoeding beide sirkulêr en liniêr is, word dieselfde onderwerpe, met toenemende kompleksiteit in elke daaropvolgende jaar, herhaal. Dit neem 'n lang tyd om vaardighede soos koördinasie, krag, soepelheid, stamina, volharding en beheer te ontwikkel en verg gereelde oefening.

**Drama**

Die studie van drama in Skeppende Kunste bied die leerders hulpmiddele om menslike ondervindings in dramatiese vorms deur middel van die proses van deelname, samewerking, verkenning en aanbieding voor te stel. Drama


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

moedig die kreatiewe verkenning van temas en kwessies aan, skep 'n veilige konteks vir hierdie ontdekkingstog, en voorsien geleenthede om oor die insigte wat hulle gedurende hierdie proses opgedoen het, te besin. Leerders waardeer en interpreteer 'n wye reeks van dramatiese werke, wat reeds gepubliseer is en in die klaskamer geskep is. Die fokus op fisiese en spraakopwarmingsaktiwiteite is noodsaaklik omdat hierdie aktiwiteite nie net beserings voorkom nie, maar ook 'n fisiese bewustheid, koördinasie en krag oor tyd ontwikkel. Aangesien die liggaam en stem die hoofmiddele van kommunikasie en uitdrukking in drama is, moet dit veilig en effektief gebruik word. 'n Belangrike aspek van drama is die ontwikkeling van klaskameropvoerings (d.m.v. improvisasie/toneelskeppingsprosesse) wat op 'n spesifieke stimulus gebaseer is. In drama verken die leerder die motivering en die verhouding tussen mense in 'n werklike, denkbeeldige of geskiedkundige konteks om hom of haar te help om die wêreld te verstaan. Die leerder word aangemoedig om besluite te neem en om die verantwoordelikheid vir hierdie besluite binne die veilige konteks van drama te neem.

**Musiek**

Die studie van musiek in Skeppende Kunste se doelstelling is om die vermoë om 'n verskeidenheid van vokale en instrumentale musiek in groep- en solokontekste te ontwikkel. Daarbenewens word leerders blootgestel aan die geskrewe en ouditiewe taal van musiek deur musiek te lees en te skryf. Verder is die doel van die vak om die vermoë om nuwe musiek d.m.v. improvisering en komponering te ontwikkel deur beide konvensionele en onkonvensionele komposisionele tegnieke te gebruik. Die inhoud laat die leerders toe om ingeligte luisteraars van musiek te word deur aktief na 'n verskeidenheid van musiek, Westerse, inheemse en populêre musiek, te luister. Indien leerders Musiek wil studeer in die VOO-band, moet spesiale moeite gedoen word om vir hulle te help om die vermoë te ontwikkel om instrumenteel of vokaal op 'n elementêre vlak uitvoerings te kan doen en ook om 'n goeie sin vir ritme en toonhoogte te hê. Hulle behoort ook aan die einde van Graad 9 balknotasie te kan lees.

**Visuele Kunste**

Voortdurende blootstelling aan die inhoud, konsepte en vaardighede van visuele kunste d.m.v. 'n reeks van verskillende aktiwiteite wat wissel in diepte en breedte, sal die leerders help om 'n ryk visuele taal en verwante vaardighede te ontwikkel. Kritiese en nadenkende dinkvaardighede word ontwikkel en leerders kry bevrediging daaruit om hulleself op simboliese en visuele maniere uit te druk. Vordering in die Visuele Kunste is beide siklies en liniêr. Onderrig moet ouderdomtoepaslik en sensitief ten opsigte van die ontwikkeling van ware kreatiwiteit wees. Vir daardie leerders wat Ontwerp of Visuele Kunste as vakke in die VOO-band wil studeer, is Visuele Kunste in die Senior Fase noodsaaklik om hulle met die nodige grondslagvaardighede toe te rus.

## 2.3 TYDSTOEKENNING VIR SKEPPENDE KUNSTE IN DIE KURRIKULUM

**Senior Fase**

In Grade 7, 8 en 9, word twee ure per week aan Skeppende Kunste toegestaan. Om voorsienning te maak vir diepte van studie en om hulle voor te berei vir die kunsvakkeuses van Graad 10 tot 12, bestudeer leerders slegs TWEE kunsvorms.

**Keuse van kunsvorms in die Senior Fase**

Die keuse van kunsvorms in die Senior Fase sal deur elke skool op die volgende kriteria bepaal word:

- Beskikbaarheid van die minimum fasiliteite en hulpbronne vir die vak benodig
- Beskikbaarheid van spesialiskunsonderwysers op die personeel of toegankilk tot die skool (bv.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

vryskutonderwysers, ouers, samelewingskunstenaars)

- Leerdervermoëns/talente en -voorkeure

Om te kies watter kunsvorms om aan te bied, moet skole van die eise van die kunsvorm om leerders te selekteer, bewus wees.

**Leerbane**

Skole kan 'n aantal verskillende Skeppende Kunste-leerbane aanbied, afhangende van die bogenoemde kriteria, bv.:

1. Dans en Drama
2. Dans en Musiek
3. Dans en Visuele Kunste
4. Drama en Musiek
5. Drama en Visuele Kunste
6. Musiek en Visuele Kunste

**Personeel**

- Leerders kan in albei kunsvorms deur dieselfde onderwyser, wat in staat is om albei kunsvorms te gee, onderrig word (2 uur per week), of elkeen van die twee kunsvorms kan deur 'n spesialis in elke kunsvorm onderrig word (1 uur per week elk). Die kunsvorms behoort deur die jaar en nie in halwe-jaar modules onderrig te word.
- Skole wat sommige, of al die kunsvakke in VOO aanbied, sal toegang hê tot spesialisonderwysers, fasiliteite en hulpbronne in daardie vakke.
- Skole wat geen kunsspesialiste het nie en wat nie enige kunsvakke in VOO aanbied nie, kan besluit, in oorleg met die skoolbestuurspan, personeel en beheerliggaam, watter kunsvorms hulle wil aanbied. Onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van Skeppende Kunste in hierdie skole sal intensiewe en deurlopende opleiding in een of twee kunsvorms moet ondergaan.

**Leerderleerbaankeuses**

Leerders moet na aanleiding van hulle vaardighede en voorkeure in die kunsvorms geselekteer word. Die leerders moet verkieslik so vroeg as moonlik begin spesialiseer, maar leerders *met potensiaal* wat nie toegang tot 'n kunsvorm in Graad 7 gehad het nie en wat dit in Graad 8 of 9 wil kies, moet nie oorgesien word nie.

**Beskikbaarheid van die minimum fasiliteite en hulpbronne benodig vir die vakke**

Om te kies watter kunsvorms skole wil aanbied in die Senior Fase, is die volgende minimum hulpbronne nodig:


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| KUNSVORM | MINIMUM FASILITEITE | HULPBRONNE |
|---|---|---|
| Dans | Dansateljee of saal of dubbelklaskamer (oop ruimte verkieslik met 'n geveerde houtvloer) | Musiekstelsel met CD-speler/iPod |
| Drama | Groot klaskamer of saal | Musiekstelsel |
| Musiek | Normale klaskamer en ruimte vir oefen | Musiekstelsel, musiekinstrumente |
| Visuele Kunste | Kunskamer of gepaste ruimte | Kunstoerusting, verbruikersmiddels |

**Tydstoekenning vir die Senior Fase Skeppende Kunste leerbane**

Om kontinuïteit en vaardigheidsontwikkeling te verseker, moet die twee gekose kunsvorms deur die jaar, eerder as in half-jaarblokke, in Grade 7, 8 en 9 onderrig word. Byvoorbeeld, in Dans is dit noodsaaklik om elke week konsekwent te dans om sodoende krag, soepelheid, stamina en beheer te ontwikkel en op te bou. Leerders behoort 'n minimum van tien lesure per kunsvorm per kwartaal gedurende skooltyd te hê en ten minste een keer per week per kunsvorm na skool. Die kontinuïteit van gereelde oefening, ten minste twee keer per week, is nodig om vaardighede te bewerkstellig. Dit is spesifiek van toepassing vir leerders wat gretig is om kunsvakke in VOO te bestudeer.

Vanweë die praktiese aard van die kunste, het hierdie vakke een-uur periodes van onderrig nodig om effektief te wees. Voldoende tyd vir dans-en dramaleerders moet toegestaan word om in die toepaslike kleredrag te verklee, op te warm, om tyd te hê om die praktiese werk te ontwikkel, af te koel en terug in hulle skooluniforms te verklee. Vir Visuele Kunste en Musiek is tyd nodig om op te stel, vir praktiese werk en skoonmaak. Die tyd moet in 'n blok van dubbel- of driedubbele periodes toegeken word.

Dit is soms 'n goeie idee om Skeppende Kunste-lesse voor 'n pouse of aan die einde van die dag te plaas, sodat die leerders vir langer kan aanhou.

Tydskedulering sal afhang van verskillende faktore, soos byvoorbeeld die hoeveelheid klasse in 'n graad, die hoeveelheid Skeppende Kunste-onderwysers en die hoeveellheid leerders per leerbaan.

Daar word voorgestel dat hoërskole wat die kunsvakke in VOO aanbied, leerders vir leerbane in Grade 8 en 9 na aanleiding van vermoë en belangstelling kies, om te verseker dat hulle die nodige basiese vaardighede het om vir kunsvakke in Graad 10 te kwalifiseer.

Hieronder is 'n paar voorstelle vir tydskedulering in 'n hoërskool:

**A) Kunsleerbaanklasse vir VOO**

In hierdie scenario word Graad 8 en 9 klasse, na gelang van hulle kunsvakkeuses toegedeel:

- Graad 8A & Graad 9A is Dans- en Dramaleerders
- Graad 8B & Graad 9B is Dans- en Musiekleerders
- Graad 8C & Graad 9C is Musiek- en Visuele Kunste-leerders
- Graad 8D & Graad 9D is Dans- en Visuele Kunste-leerders
- Graad 8E & Graad 9E is Musiek- en Dramaleerders
- Graad 8F & Graad 9F is Drama- en Visuele Kunste-leerders


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

In hierdie geval kan die klasse gedurende die loop van die skooldag geskeduleer word.

**B) Skeppende Kunste roosterblok**

In hierdie scenario is Graad 8 en Graad 9 klasse nie na aanleiding van hulle kunskeuses geskeduleer nie. Twee of drie agtereenvolgende periodes per week is vir Grade 8 en 9 toegestaan, en al die leerders in die grade word in die leerbaan wat hulle op daardie tyd volg, opgedeel.

**Grondrede vir die organisering van die inhoud**

Omdat kunsonderrig sirkulêr en liniêr is, word dieselfde onderwerpe gedurende die jaar, en in elke daaropvolgende jaar, met toenemende ingewikkeldheid, herhaal. Dit neem 'n lang tyd om vaardighede op te bou en dit verg gereelde oefening.

Die aard van vordering in vaardighede word in die volgende gekry:

- bekendstelling van nuwe konsepte en vaardighede
- bekendstelling van toenemende woordeskat in die kunsvorm
- toenemende vermoë om goed te luister, op instruksies te reageer en saam met ander te werk
- toenemende vaardighede in die kunsvorms
- toenemende self-vertroue, self-dissipline, fokus en kreatiwiteit


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

## 2.4 OORSIG VAN ONDERWERPE

### 2.4.1 Dans

'n Danskurrikulum kan nie die behoeftes van elke dansvorm aanspreek nie. In lyn met internasionale pariteit is hierdie kurrikulum met die drie populêrste dansvorms in Suid-Afrika in gedagte geskryf: Afrika-dans, klassieke ballet en kontemporêre dans. Indien ander dansvorms oorweeg word, moet die Departement van Basiese Opvoeding (DBO) met besonderhede van presies hoe die dansvorm aangepas sal word, voorsien word om die vereistes van die kurrikulum na te kom.

| ONDERWERPE | GRAAD 7 DANS | GRAAD 8 DANS | GRAAD 9 DANS |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Dansuitvoering** | • Danskonvensies: groet, gebruik van ruimte, beheer<br><br>• Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel en inleiding tot beginsels van postuur en liggaamsbelyning<br><br>• Vloerwerk: soepelheid; gewrigsmobiliteit<br><br>• Isolasie van liggaamsdele<br><br>• Armbewegings vir koördinasie en mobiliteit<br><br>• Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer; knie-buigings en balanseer op bal van die voet ('rise'), eenvoudige vee-bewegings ('brushes'), skuifelbewegings en voetwerk<br><br>• Draaie: inleiding tot draai met oogfokus ('spotting')<br>• Gewigsverplasing van kant tot kant, vorentoe en agtertoe<br>• Voorbereiding van springbewegings met veilige landings, isolasie van voete, lokomotoriese bewegings en passies met ritmiese variasies | • Danskonvensies: veilige omgewing, gedragskode<br><br>• Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel met fokus op postuur en liggaamsbelyning<br><br>• Vloerwerk: kernstabiliteit, asemhaling, versterking van ledemate, hand- en armkoördinasie<br><br>• Isolasie van liggaamsdele: kombineer verskillende liggaamsdele<br><br>• Armbewegings en handgebare vir koördinasie en beheer<br><br>• Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer; knie-buigings, balanseer op bal van die voet ('rise') in parallel en uitgedraaide posisies; lae vee-bewegings ('brushes'), uitvalstand ('lunges'), sirkelvormige beenbewegings en skoppe/strekkings<br><br>• Draai op die plek en op een been met oogfokus ('spotting')<br>• Gewigsverplasing en rigtingveranderings<br>• Artikulasie van die voet en spronge/voetwerksekwense met veilige landings, beweeg van een plek na 'n ander en sweefbewegings oor die vloer met verandering van rigting, deur gebruik te maak van 'n reeks musiekgenres en ritmes | • Danskonvensies: gebruik van ruimte, respek vir ander, klasdissipline<br><br>• Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel met fokus op veilige danspraktyk, liggaamsbelyning en kinestetiese bewustheid<br><br>• Vloerwerk: kernstabiliteit en sywaartse buigings, heupmobiliteit en versterkingsoefeninge van die bene en voete<br><br>• Isolasie van liggaamsdele met toenemende kompleksiteit en patrone<br><br>• Armbewegings om vloei van bewegings te ontwikkel<br><br>• Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer: knie-buigings en balanseer op bal van die voet ('rise') met arm koördinasie; lae en hoë vee-bewegings ('brushes'), balansering op een been, sirkelvormige beenbewegings en skoppe/strekkings in alle rigtings<br><br>• Draaie: beweeg van een plek na die ander met oogfokus ('spotting')<br>• Gewigsverplasing op 'n stadige tempo met beheer en balans<br>• Opbou van stamina deur spronge, tree-hop, galoppe en pylbewegings (met arm koördinasie en verandering van rigting op 'n verskeidenheid van musiekgenres en ritmes met verskillende dinamika (spoed, energie) |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 DANS | GRAAD 8 DANS | GRAAD 9 DANS |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 1 Dansuitvoering** | • Passies van 'n Suid-Afrikaanse dans<br>• Afkoeling en strekking | • Passies en sekwense van 'n sosiale of populêre dans<br>• Aanbiedingsvaardighede: oogfokus, toewyding tot bewegings, geheue van danspassies<br>• Afkoeling: vloeiende liriese bewegings op stadige, rustige musiek met strekke | • Danspassies en style van 'n inheemse Suid-Afrikaanse kultuur<br>• Kort vinnige danssekwense met aandag op detail, toegewydheid tot die bewegings, fokus, musikaliteit en ruimtelikebewustheid tussen dansers<br>• Afkoeling: vloeiende liriese bewegings en gebruik van beelde vir ontspanning gevolg deur stadige strekke |
| **Onderwerp 2 Dansimprovisasie en -komposisie** | • Danselemente<br>- Ruimte - vlakke, rigting, vloerbane, vorm en grootte<br>- Tyd - tempo ritme, aksent<br>- Krag - vloei van energie<br>• Verhoudings - werk in pare/ groepe<br>• Bewegingswoordeskat na aanleiding van verskillende stimuli<br>• Oogkontak en oogfokus<br>• Samestelling van 'n kort dans-sekwens gebaseer op 'n Suid-Afrikaanse prent, foto of tema | • Danselemente<br>- Ruimte - simmetrie asimmetrie en patrone<br>- Tyd - stadige aksie, dubbeltyd, sinkopasie en poliritmes<br>- Krag - gewig, energie, swaartekrag, teengewig<br>• Lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings, veranderende rigtings, vlakke en tempo<br>• Verhoudings: lei en volg; as eenheid bewegings, aktief en passief<br>• Gebare: letterlik tot abstrak<br>• Samestelling/komposisie om 'n idee, stemming of gedagte te ondersoek | • Danselemente - kontrasterende dinamika<br>• Natuurlike handgebare met oordrewenheid, stadige aksie en herhaling<br>• Komposisionele strukture: begin en einde, herhaling, stilte, oorgange, eenheid en kanon<br>• Verhoudings: ontmoeting-en-skeiding, roep-en-antwoord, blind en lei, positiewe en negatiewe vorms, gee en ontvang van gewig<br>• Samestelling/komposisie gebaseer op verskillende stimuli |
| **Onderwerp 3 Dansteorie** | • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse<br>• Belangrikheid van postuur en liggaamsbelyning<br>• Belangrikheid van opwarming en afkoeling<br>• Belangrikheid van oogfokus ('spotting')<br>• Dansgeletterdheid - eie en ander; hoe bewegings betekenis oordra<br>• Danselemente: ruimte, tyd, energie/krag, verhoudings<br>• Verskillende dansvorms (ten minste 3) | • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse<br>• Gedragskode<br>• Die doel van opwarming en afkoeling<br>• Sosiale/populêre dans<br>• Dans- en verwante loopbane<br>• Dansgeletterdheid - beskrywing van 'n dans gesien in die samelewing, op televisie of op die verhoog | • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse<br>• Beginsels van postuur en liggaamsbelyning<br>• Gebruik van die kern, gebruik van die ruggraat, veilige landings<br>• Selfbesinning oor eie dansondervindings<br>• Dansgeletterdheid – eenvoudige analise van eie danse en danse gesien op die verhoog, in samelewingpe, op televisie, of op DVD<br>• Vergelyking tussen dansvorms in Suid-Afrika |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 2.4.2 Drama

| ONDERWERPE | GRAAD 7 DRAMA | GRAAD 8 DRAMA | GRAAD 9 DRAMA |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 1 Ontwikkeling van dramavaardighede** | **Stemontwikkeling**<br>Verken ontspanningsoefeninge<br>• Asemhalingsoefeninge: bewustheid van asem<br>• Resonansie-oefeninge Artikulasie-oefeninge en tongknoopoefeninge<br>• Oefeninge vir hoorbaarheid in 'n klaskamerdrama<br>• Vokale uitdrukking in spontane gesprekke en aanbieding | **Stemontwikkeling**<br>Verken ontspanningsoefeninge<br>• Asemhalingsoefeninge: asembeheer en kapasitiet<br>• Korrekte postuur en liggaamsbelyning (neutrale posissie)<br>• Stemtoon- en resonansie-oefeninge<br>• Artikulasie- oefeninge<br>• Interpretasievaardighede deur gebruik te maak van pouses, toonhoogtes, spoed, klem, intonasie en stemtoon<br>• Oefeninge vir hoorbaarheid in 'n klaskamerdrama | **Stemontwikkeling**<br>• Verken ontspanningsoefeninge<br>• Asemhalingsoefeninge: asembeheer en kapasiteit<br>• Korrekte postuur en liggaamsbelyning (neutrale posissie)<br>• Stemtoon- en resonansie-oefeninge<br>• Artikulasie- oefeninge<br>• Projeksie-oefeninge<br>• Modulasie-oefeninge<br>• Interpretasievaardighede deur gebruik te maak van pouses, toonhoogtes, spoed, klem, projeksie, intonasie en stemtoon |
| | **Fisiese ontwikkeling**<br>• Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam<br>• Beheerde, gefokusde bewegings deur spieëlwerk<br>• Opwarming deur van beelde gebruik te maak om bewegingsdinamiek te verken<br>• Lei- en volgbewegings in pare, klein groepe en as 'n klas | **Fisiese ontwikkeling**<br>• Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam<br>• Konsentrasie en fokus in beweging<br>• Vertrouens-oefeninge<br>• Skep van 'n karakter deur stemming en beweging | **Fisiese ontwikkeling**<br>• Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam<br>• Ontwikkeling van fokus d.m.v. oefeninge<br>• Ruggraatopwarming<br>• Isolasie van liggaamsdele om 'n storie te vertel; uitdrukking van stemming of karakter<br>• Begrip van die doel van opwarming en afkoeling<br>• Skepping van 'n omgewing deur die liggaam<br>• Fisiese karakterisering |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 DRAMA | GRAAD 8 DRAMA | GRAAD 9 DRAMA |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 2 Drama-elemente in toneelskepping** | Kort geïmproviseerde dramas om die struktuur van drama te verken: begin, middel en einde<br>• Vorm en ontwikkeling van die toneel<br>• Verkenning van relevante temas<br>• Groepering en fisiese verhoudings in ruimte<br>• Inagneming van die gehoor in verkenning van verskillende ruimtelike ooreenkomste<br>• Karakterisering: waarneming, nabootsing en skepping van detail<br>• Drama-elemente in kulturele en sosiale byeenkomste vergelyk met hulle gebruik in teater<br>• Besinning oor drama: gee en ontvang konstruktiewe terugvoering | Geskrewe skets of afgeronde improvisasies:<br>• Temas wat verband hou met 'n sosiale- of omgewingskwessie vir die drama<br>• Isolering en ontwikkeling van 'n onderwerp vanuit die navorsing<br>• Strukturering van die uitvoering<br>• Vorming en fokus van die uitvoering<br>• Gespesialiseerde style, bv. melodrama, komedie, tragedie, klug, musiekblyspel en poppekas<br>• Tegniese hulpmiddels om die uitvoering te verbeter | Klaskamerdrama wat kulturele praktyke weerspieël:<br>• Integrasie van kulturele praktyke in die klaskamerdrama, bv. rituele, seremonies en simbole<br>• Doel van uitvoering<br>• Basiese verhoogkonvensies<br>• Verkenning van uitvoeringsruimte: gepaste groepering en bewegingspatrone<br>• Tegniese elemente: ontwerp, ontwikkel en maak |
| **Onderwerp 3 Interpretasie en opvoering van 'n keuse van dramatiese vorms** | Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:<br>• Volksverhale<br>Of<br>• Koorspraak/Spreekkoor<br>• Besinning oor eie en ander se uitvoerings met konstruktiewe terugvoering | Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:<br>• Inheemse gedigte/of gedigte geskryf deur Suid-Afrikaanse digters, individueel of in groepe opgevoer<br>• Dialoë of gedramatiseerde prosa of inheemse storievertelling | Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:<br>• poësie of gedramatiseerde prosa of monoloog<br>• toneelwerk (teater/televisie) of radio dramas |
| **Onderwerp 4 Waardering en besinning** | Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, gedurende die loop van die jaar | • Waardering en besinning oor portuurinterpretasie gebaseer en uitvoering van 'n *afgeronde improvisasie*, gebruik van dramaterminologie<br>• Waardering en besinning oor die poësie-uitvoering, dialoë of gedramatiseerde prosa of inheemse storievertelling, gebruik van dramaterminologie<br>• Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, deur die loop van die jaar | • Waardering en besinning oor portuurinterpretasie gebaseer op die *afgeronde improvisasie* deur gebruik te maak van dramaterminologie<br>• Waardering en besinning oor die poësie of gedramatiseerde prosa of monoloog, radiodrama of toneel, gebruik van dramaterminologie<br>• Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, deur die loop van die jaar |
| **Onderwerp 5 Media en loopbane** | Verkenning:<br>• Uitvoerende kunstenaars<br>• Die kreatiewe span<br>• Die ondersteunende span<br>• Verwante studievelde | • Toeganklike en relevante media<br>• Mediavorms soos film, televisie, radio, dokumentêre programme en die internet<br>• Drama-elemente in die geselekteerde mediavorm | • Positiewe en negatiewe effek van media<br>• Stereotipering (insluitende 'typecasting', etiketering, 'stock'-karakters) in stories, teater, film, televisie en radio<br>• Stereotipering na aanleiding van ouderdom, geslag, klas/status en kultuur, ens. |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 2.4.3 Musiek

| ONDERWERPE | GRAAD 7 MUSIEK | GRAAD 8 MUSIEK | GRAAD 9 MUSIEK |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 1 Musiekgeletterdheid** | • Settername van note in die diskantsleutel<br>• Hersiening van die konsep van nootwaardes (alreeds in Graad 4 - 6 gedek) en dek alle nootwaardes en rustekens<br>• Klap of speel kort ritmiese frases wat kwartnote, halfnote en agstenote gebruik<br><br>**Toonhoogte**<br>• Bladsing van melodiese frases van bekende en onbekende liedjies; gebruik solfastelsel<br>• Volg partiture terwyl na musiek geluister word<br>• Tydsduur: Inleiding tot die gepunteerde noot, ook in verhouding met:<br>- heelnote<br>- halwenote<br>- agstenote<br>- kwartnote<br>- sestiende note<br>- gepunteerde halwenote<br>• Diskant- en bassleutel<br>• Tydsduur: Vaslegging van inhoud geleer<br>• Diskant- en bassleutel<br>• Settername van note op die diskant- en bassleutel<br>• Klap of speel poliritmefrases | **Tydsduur**<br>• Maatslag – $\frac{2}{4}$, $\frac{3}{4}$, $\frac{4}{4}$, saamgestelde tweeslagmaat $\frac{6}{8}$<br>• Lees (klap of speel) musiek in $\frac{2}{4}$, $\frac{3}{4}$, $\frac{4}{4}$, saamgestelde tweeslagmaat $\frac{6}{8}$<br><br>**Toonhoogte**<br>• Vaslegging van die konstruksie van die majeurtoonleer: C, G, D en F majeur<br>• Lees (sing of speel) musiek in die sleutels van C, G, D en F majeur<br>• Musiekterminologie<br>• Tempo: moderato, presto, ritardando, a tempo<br>• Artikulasie: legato, staccato | **Tydsduur en toonhoogte**<br>• Skryf die toonlere van C, G, D en F majeur in die A diskant- en bassleutels<br>• Toonsoorttekens van C, G, D en F majeur<br>• Hulplyne<br>• Intervalle<br>• Drieklanke<br>• Skryf van C, G, D en F majeur toonlere in die diskant-sleutel ritmies deur gebruik te maak van nootwaardes en rustekens reeds geleer<br>• Lees (sing of speel) musiek in die toonsoort van C, G, D en F majeur deur óf die solfastelsel te gebruik óf deur te neurie |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 MUSIEK | GRAAD 8 MUSIEK | GRAAD 9 MUSIEK |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 2 Musiekbeluistering** | • Luister na musiekuitvoering en identifiseer of beskryf die:<br>- slagmaat – insluitende twee, drie en vier maatslae<br>- instrumente gebruik in die uitvoering<br>- die storie wat die musiek vertel (hartseer/opgewek, herkenning van 'n dans, ens.)<br>• Volg van eenvoudige partiture terwyl na musiek luister<br>• Aktiewe beluistering na 'n verskeidenheid opnames of lewendige uitvoerings deur te klap of te neurie of te beweeg<br>• Luister na 'n verskeidenheid opnames of lewendige uitvoerings en beskryf die:<br>- Slagmaat van die musiek as twee of drie of viervoudige tyd<br>- Tempo (vinnig/stadig)<br>- Dinamiek (sag/hard)<br>- Betekenis of storie van die musiek<br>- Lirieke van die musiek<br>- Tekstuur van die musiek<br>• Skep 'n grafiese partituur (klankprentjie) van 'n musiekstuk wat na geluister is, bv. storm, reën | • Aktiewe beluistering om die elemente en beginsels van musiek in 'n verskeidenheid van musiekstyle te identifiseer (Westerse Klassieke, Afrika, Indies en populêre musiek):<br>- Slagmaat – insluitende twee, drie en vier maatslae<br>- Dinamiek (piano, forte)<br>- Herhaling (ritmies en melodies)<br>- Kontraste in tempo en tekstuur<br>- Betekenis van die lirieke<br>• Luister na die klanke van families van instrumente en beskryf hoe die klank voortgebring word:<br>- membranofone<br>- idiofone<br>- kordofone<br>- aërofone<br>• Luister na opnames of 'n lewendige uitvoering en identifiseer die klanke van die instrumente in 'n verskeidenheid van werke wat die volgende instrumente insluit:<br>- membranofoon<br>- idiofoon<br>- kordofone<br>- aërofone<br>• Luister na opnames of 'n lewendige uitvoering en skryf eie indruk deur te fokus op:<br>- Boodskap van die musiek (lirieke)<br>- gebruik van instrumente/ stemme<br>- Tempo<br>- Dinamiek | • Luister na 'n opname van 'n orkes en beskryf hoe die klank van die vier families voortgebring word:<br>- strykinstrumente<br>- houtblaasinstrumente<br>- koperblaasinstrumente<br>- slaginstrumente<br>• Luister na een van die volgende style: Reggae, Kwaito, R&B, Afrika jazz<br>• Skryf eie indruk van die musiek en fokus op die<br>- Kunstenaar/s<br>- Spesiale eienskappe van die musiek met betrekking tot ritme, tempo, instrumente en stemme<br>• Storie van die musiek/lirieke<br>- Luister na uittreksels van 'n musiekblyspel (bv. West Side Story) of 'n opera (bv. Magic Flute, Nabucco)<br>- Skryf 'n storielyn van 'n musiekblyspel/opera<br>• Sing saam met een van die kore/soliste<br>• Bespreek die Nasionale Volkslied en besin oor die: bydraers tot die volkslied, die betekenis van die teks en die onderwerp van die volkslied. |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 MUSIEK | GRAAD 8 MUSIEK | GRAAD 9 MUSIEK |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br><br>**Uitvoering/ aanbieding en skepping van musiek** | • Asemhalingsoefeninge<br>• Ontwikkelling van die vermoë om op die noot te sing deur 'n repertorium van liedere wat die volgende insluit:<br>- Die Volkslied van Suid-Afrika<br>- Volksliedjies (inheemse en kulturele liedere)<br>- populêre musiek<br>- ligte musiek<br>- rondelied/kanon<br>- parte-sang (liedere met deskante)<br>• Gepaardgaande liedere met liggaamsperkussie, gevonde of selfgemaakte instrumente, tradisionele instrumente, Orffinstrumente<br>• Speel musiek vanaf grafiese partiture<br>• Skepping van instrumentale musiek in 'n groep- en solokonteks:<br>• Ritmiese herhaling deur te klap of speel<br>• Aaneenlopende ontwikkeling deur op die noot te sing vanuit 'n repertoire van liedere wat instrumente insluit wat die leerders mag bestudeer (opsioneel)<br>• Aanbieding en komponering van musiek wat onkonvensionele notasie gebruik, bv. grafiese partiture<br>• Afrikaperkussie<br>• Skep van eie vokale en instrumentale musiek in 'n groep- en solokonteks:<br>- melodiese herhaling (stem of instrument)<br>- melodiese vraag en antwoord (stem of instrument)<br>- ritmiese improvisasie op 'n ostinaat of herhalende frase (riff) deur te klap of te speel<br>- vokale of melodiese improvisasie op 'n ostinaat of herhalende frase (riff)<br>- ritmiese improvisasie op Afrikatromme | • Asemhalings- en tegniese oefeninge gepas vir instrument of stem<br>• Groep- of solo-uitvoerings van die standaard repertorium van Westerse/ Afrika/Indiese en Populêre musiekstyle:<br>- koorwerke<br>- orkes/ensemble werke<br>- solosang<br>- solo instrumentale werke<br>• Skep eie musiek in groepe en solokontekste deur 'n musiekstuk te komponeer en kombineer met 'n ander kunsvorm | • Asemhalings- en tegniese oefeninge gepas vir instrument of stem<br>• Groep- of solo-uitvoerings van die standaard repertorium van Westerse/ Afrika/Indiese en Populêre musiekstyle:<br>- koorwerke<br>- orkes/ensemble<br>- solosang<br>- solo instrumentale werke<br>• Skep eie musiek in groepe en solokontekste d.m.v. ritmiese en melodiese voltooiing van 'n viermaatfrase in C, G, D en F majeur nadat die eerste twee mate gegee is<br>• Groep- of solo-uitvoerings van die standaardrepertoire van Westerse/Afrika/Indiese en Populêre musiekstyle met die fokus op 'n uitvoering van die musiek wat die leerders geevalueer het in Onderwerp 2<br>• Skep eie musiek in groep- en solokontekste<br>• Toonset twee reëls van 'n gedig<br>• Groep- of solo-uitvoerings van die gepaste repertorium van Westerse/Afrika/Indiese of populêre musiekstyle<br>• Toonset vier reëls van 'n gedig<br>• Skep 'n advertensie vir 'n produk of gebeurtenis deur eie lirieke en musiek te gebruik |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 MUSIEK | GRAAD 8 MUSIEK | GRAAD 9 MUSIEK |
|---|---|---|---|
| | • Uitvoering van musiek wat onkonvensionele notasie gebruik, bv. grafiese partiture<br>• Skep van klankprente op 'n storie of gedig gebaseer deur die stem of instrumente te gebruik<br>- ligte musiek<br>- rondelied/kanon/ kringliedere<br>• Skep van eie stem en instrumentale musiek in 'n groep- en solokonteks:<br>- Ritmiese en melodiese improvisasie op 'n ostinaat of herhalende frase (riff)<br>• Toonset vier reëls van 'n gedig/woorde wat gebaseer is op 'n sosiale aangeleentheid/kwessie | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 2.4.4 Visuele Kunste

| ONDERWERPE | GRAAD 7 VISUELE KUNSTE | GRAAD 8 VISUELE KUNSTE | GRAAD 9 VISUELE KUNSTE |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 1 Skep in 2D** | Eie en wyer wêreld: waarneming en interpretasie van *eie* visuele wêreld d.m.v.<br>• verskillende benaderings tot teken (lyn, toonwaarde, tekstuur, merkmaak)<br>• Skilder/verf (kleurmeng, kwasmanipulering, persoonlike interpretasie)<br>• Verkenning van 'n verskeidenheid van media<br>• Eenvoudige etstegnieke (bv. skraapbord)<br><br>Gebruik<br>• kunselemente (deur vorm, lyn, toonwaarde, tekstuur, kleur om komplimentêre kleur, monochromatiese kleur in te sluit)<br>• Ontwerpbeginsels<br>• Ontwerpprojekte deur gebruik te maak van kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• lettervorming en ontwerpprojekte: beelde en teks<br>• patroonmaak (tekeninge, collage, ontwerpe, oppervlakteversierings)<br>• verskeidenheid van papiergroottes en formaat (verskillende skale en grade van detail) | Eie en wyer wêreld: waarneming en interpretasie van *eie en wyer* visuele wêreld deur toenemende kompleksiteit van:<br>• Teken<br>• Skilder/verf<br>• Verkenning van media<br>• Etstegnieke<br><br>Gebruik<br>• kunselemente (dieselfde as tevore, maar sluit analogiese/verwante kleure in)<br>• Ontwerpbeginsels<br>• teken en skilder met uitgebreide gebruik van media en tegnieke<br>• Ontwerpprojekte<br>• lettervorming en ontwerpprojekte<br>• patroonmaak<br>• verskeidenheid van papiergroottes en formaat | Eie en wyer wêreld: waarneming en interpretasie van *globale* visuele wêreld deur toenemende kompleksiteit van<br>• Teken<br>• Skilder<br>• Verkenning van media<br>• Etstegnieke<br><br>Gebruik<br>• kunselemente (dieselfde as tevore, maar sluit in analogiese/verwante kleure)<br>• Ontwerpbeginsels<br>• teken en skilder met uitgebreide gebruik van media en tegnieke<br>• Ontwerpprojekte<br>• lettervorming en ontwerpprojekte<br>• patroonmaak<br>• verskeidenheid van papiergroottes en formaat |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 VISUELE KUNSTE | GRAAD 8 VISUELE KUNSTE | GRAAD 9 VISUELE KUNSTE |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br>**Skep in 3D** | • Drie-dimensionele kunswerke en ontwerpprojekte op *eie* wêreld gebaseer, fokus op kunselemente en ontwerpbeginsels met klem op akkurate of verbeeldingryke voorstelling; bewuste gebruik van ruimte; ruimtelike bewustlheid; ontwikkeling van 'n begrip van vlakke, diepte en visuele perspektief<br>• Temas om die leerder se belangstellings te verken<br>• Konstruksie en modelleringstegnieke om ruimtelike bewustheid te verken<br>• Manipulasie van 'n verskeidenheid materiale en gereedskap deur gebruik te maak van goeie vakmanskap en veiligheidsmaatreëls<br>• Besorgdheid oor die omgewing: gebruik van herwinbare materiale | • Drie-dimensionele kunswerke en ontwerpprojekte van toenemende kompleksiteit op die *wyer* wêreld gebaseer, fokus op kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• Temas om die sosiale wêreld en populêre kultuur te verken<br>• Meer komplekse konstruksie en modelleringstegnieke om ruimtelike bewustheid te verbreed<br>• Uitgebreide manipulasie van 'n verskeidenheid van materiale en gereedskap deur van goeie vakmanskap en veiligheidsmaatreëls gebruik te maak<br>• Besorgdheid oor die omgewing: gebruik van herwinbare materiale | • Drie-dimensionele kunswerke en ontwerpprojekte van toenemende kompleksiteit op die *globale* wêreld gebaseer, fokus op kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• Temas om die huidige gebeure in die globale wêreld te verken<br>• Persoonlike konstruksie en modelleringstegnieke om ruimtelike bewustheid verder te verbreed<br>• Meer komplekse manipulasie van 'n verskeidenheid van materiale en gereedskap deur gebruik te maak van goeie vakmanskap en veiligheidsmaatreëls<br>• Besorgdheid oor die omgewing: gebruik van herwinbare materiale |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| ONDERWERPE | GRAAD 7 VISUELE KUNSTE | GRAAD 8 VISUELE KUNSTE | GRAAD 9 VISUELE KUNSTE |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>**Visuelegeletterdheid** | • Kommunikasievaardighede: uitdrukking, identifiseer/ noem, bevraagteken en besin deur te kyk na, te praat en te skryf oor die visuele wêreld d.m.v. die taal van kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• Interpreteer, analiseer en herken simboliese taal met verwysing na:<br>- Geboue<br>- Stillewe<br>- Plaaslike handwerk en handwerkers<br>- Maskers<br>- Groepe van figure<br>• Die rol van die kunstenaar in eie samelewing as bydraer en waarnemer<br>• Bekendstelling van navorsingsvaardighede | • Kommunikasievaardighede: uitdrukking, identifiseer/ noem, bevraagteken en besin deur te kyk na, te praat en te skryf oor die visuele wêreld d.m.v. die taal van kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• Interpreteer, analiseer en herken simboliese taal met verwysing na:<br>- Kreatiewe lettervorming<br>- Funksionele houers<br>- Modeontwerploopbane in die kunste<br>• Die rol van die kunstenaar in die breër samelewing en loopbane in die kunste en in die kuns- en ontwerpveld<br>• Ontwikkeling van navorsingsvaardighede<br>• Beplanning en voorbereiding: met leiding, versamel hulpbronne, visuele inligting en voorlopige tekeninge en sketse vir voorbereiding vir die finale projekte | • Kommunikasievaardighede: uitdrukking, identifiseer/ noem, bevraagteken en besin deur te kyk na, te praat en te skryf oor die visuele wêreld d.m.v. die taal van kunselemente en ontwerpbeginsels<br>• Interpreteer, analiseer en herken simboliese taal met verwysing na:<br>- Portrette<br>- Die rol van die kunstenaar<br>- Sosiale kommentaar<br>- Populêre kultuur<br>- Ontwerp in die publieke kommentaar<br>• Die rol van die kunstenaar in die globale samelewing as bydraer, waarnemer en sosiale kommentator<br>• Verdere ontwikkeling van navorsingsvaardighede<br>• Beplanning en voorbereiding: dieselfde as voorheen, maar werk nou onafhanklik |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# AFDELING 3: KWARTAALPLANNE

Leerders bestudeer **slegs TWEE** kunsvorms in Grade 7, 8 en 9. Elke kunsvorm is 'n minimum van tien ure kontakonderrigtyd per kwartaal toegeken. Om maklike toegang te verseker, is elke kunsvorm vanaf Graad 7 tot 9 afsonderlik hieronder uitgelê.

## 3.1 WAT WORD IN DANS ONDERRIG?

### 3.1.1 Dans in Graad 7

| SENIOR FASE | KWARTAAL 1 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>45 minute per week | **Voorgestelde hulpbronne:**<br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Danskonvensies: opstel van 'n veilige klaskameromgewing (beheerbepalings, netheid, persoonlike higiëne); bepaal konvensies vir inkom, verlaat en groet; gedragskode, bepaal reëls vir vereiste dansdrag, gepaste gebruik van ruimte (persoonlike en gedeelde/algemene), respek vir en sensitiwiteit teenoor ander dansers, vertrouensoefeninge<br>• Inleiding tot postuur- en liggaamsbelyning<br>• Opwarming: loop en hardloop, afgewissel met vriesbewegings wat 'n verskeidenheid vorms, rigtings en vlakke, toon<br>• Inleiding tot vloerwerk vir kernstabiliteit, krag en soepelheid: buiging ('flexing') en strekking van voete; ronding/verlenging van die ruggraat<br>• Gewrigsmobiliteit: kniebuigings en staan op die bal van die voet ('rises') (balans op voet - 'rises') met bene in parallele en uitwaartse heuprotasie<br>• Gewigsverplasing van kant tot kant<br>• Voorbereiding van veilige landings nà elevasie/sweefbewegings - klein spronge vanaf twee voete, met toon-bal-hak-buig-landing. Dit word artikulasie genoem<br>• Eenvoudige lokomotoriese bewegingskombinasies oor ruimte: hardloop, huppel en galop<br>• Afkoeling met veilige, stadige strekbewegings | | |
| **Onderwerp 2**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>15 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, musiekstelsel, CD's of slaginstrumente |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Inleiding tot danselemente: ruimte, tyd, energie/krag, verhoudings<br>• Verkenning van danselemente: ruimte - vorms, dimensies, vlakke, rigtings, bane<br>• Verkenning van danselemente: tyd - duur, tempo, aksent/klem, frases - gebruik van ritmiese passies, bv. voetstampe, handklappe, liggaamsslaginstrumente | | |
| **Onderwerp 3**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>Geïntegreer met onderwerpe 1 en 2 | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, werkblad van opwarmingsoefeninge, eie werkboek vir danswoordeskat en illustrasies |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>Dansterminologie<br>Belangrikheid van opwarming<br>Belangrikheid van goeie postuur en liggaamsbelyning<br>Bespreking van danselemente: ruimte en tyd | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE | KWARTAAL 2 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>45 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, musiekstelsel, CD's of slaginstrumente |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Konsolidasie van werk in Kwartaal 1 gedoen
- Opwarmingsoefeninge, fokus op postuur en liggaamsbelyning
- Vloerwerk vir kernstabiliteit, krag en soepelheid: buiging ('flexing') en strekking van voete, in- en uitwaartse rotasie van die bene vanuit die heupe;, versterkings- en mobiliteitsoefeninge vir voete, bene en heupe; versterkingsoefeninge vir abdominale- en spinalerugspiere
- Armbewegings om mobiliteit, koördinasie en beheer te ontwikkel
- Isolasie van liggaamsdele: kop, skouers, bolyf en heupe
- Gewigsverplasing - vorentoe en agtertoe
- Klein spronge vanaf twee voete, verandering van rigting met klem op veilige landing ("toon-bal-hak-buig")
- Inleiding tot beginsels van oogfokus ('spotting') gedurende draaibewegings
- Leer van 'n kort bewegingsekwensdeur middel van plekverwisseling/lokomotoriese passies
- Afkoeling met ontspanning en stadige strekke in 'n sitposissie

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>15 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, musiekstelsel, CD's of slaginstrumente |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Verkenning van danselemente: krag - vloei van energie, teenoorgesteldes (sterk/lig, rukkerig/glad)
- Verkenning van danselemente: verhouding tot die vloer, ander dansers, rekwisiete

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **VVoorgestelde kontaktyd:**<br>Geïntegreer met onderwerpe 1 en 2 | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, werkboek, werkblad oor danselemente |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Dansterminolgie
- Belangrikheid van oogfokus ('spotting') gedurende draaibewegings
- Belangrikheid van afkoeling
- Praat oor eie en ander se danswerk in die klas met sensitiwiteit
- Bespreking van danselemente: energie/krag en verwantskappe


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE | KWARTAAL 3 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>45 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, Handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Konsolidasie van werk in Kwartale 1 en 2 gedoen<br>• Opwarming soos tevore, met toenemende kompleksiteit<br>• Vloerwerk vir kernstabiliteit, krag en soepelheid; artikulasie van die voete, verhoogde mobiliteit van die enkel, knieë en heupe, versterkingsoefeninge vir voete en bene, versterkingsoefeninge vir abdominale- en spinalerugspiere.<br>• Isolasie van liggaamsdele: hande, arms en voete<br>• Beenstrekking/ekstensie: vee-bewegings ('brushes'), sirkelvorminge beenbewegings en skoppe<br>• Eenvoudige halwe en vol draaie met oogfokus ('spotting')<br>• Klein spronge vanaf twee voete, land op een voet; spring op en af (hoppe); met fokus op veilige landing<br>• Kombinasie van lokomotoriese bewegings met gekoördineerde armbewegings<br>• Die leer van danspassies van 'n Suid-Afrikaanse dans<br>• Afkoeling en beenstrekke - lê op vloer | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>15 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, handboek, prente, rekwisiete |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Reaksie tot verskillende stimuli: temas, idees, stories, prente, musiek of rekwisiete om bewegingswoordeskat te ontwikkel, deur gebruik te maak van kennis van danselemente<br>• Verkenning van die belangrikheid van oogkontak en oogfokus | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Geïntegreer met onderwerpe 1 en 2 | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Handboek, prente van verskillende dansvorms |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Bespreking van die moontlike betekenis van beweging<br>• Vergelyk enige drie verskillende dansvorms aan die hand van ooreenkomste en verskille. DVD-uittreksels of ‘n lewendige vertoning en bespreek | | |



Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE | KWARTAAL 4 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>45 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, handboek, assesseringsinstrument |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Konsolidasie van klaswerk in Kwartale 1 tot 3 gedek as voorbereiding vir formele assessering<br>• Bemeestering en uitvoering van 'n kort groepdans vir formele assessering | | |
| **Onderwerp 2**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>15 minute per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, handboek, stimuli soos prente of fotos |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Komposisie in klein groepe (3 tot 4 dansers) van 'n kort danssekwens gebaseer op 'n Suid-Afrikaanse prent, foto of tema vir formele assessering | | |
| **Onderwerp 3**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>Geïntegreer met onderwerpe 1 en 2 | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Handboek, werkblaaie, werkboek van danswoorde, kort geskrewe toets |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Hersiening van Dansteorie en -geletterdheidsonderwerpe van Kwartale 1, 2 en 3 vir formele assessering | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 3.1.2 Dans in Graad 8

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 1 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus naskooloefening een keer per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Danskonvensies: opstel van 'n veilige omgewing (klasbestuurstelsel): groet, fokus, beheer, gebruik van ruimte, gedragskode<br>• Opwarming: lokomotoriese bewegings met verandering van rigting en fokus<br>• Vloerwerk: kernstabiliteitsoefeninge vir die versterking van abdominale- en spinalerugspiere, fokus op asemhaling, ronding en verlenging van die ruggraat<br>• Beenspier- en gewrigsversterking en mobiliteit: kniebuigings, balans op die bal van die voet ('rises') in parallelle- en uitwaartse rotasie en lae beenstrekking/vee-bewegings ('brushes').<br>• Oefeninge om oogfokus te ontwikkel ter voorbereiding van draaie<br>• Gewigsverplasing bewegingskombinanies<br>• Bewegingskombinasies vir gewigsverplasing van gewig<br>• Voetartikulasie en enkel- en kniegewrigmobiliteit: isolasie van voete en klein spronge met veilige landing.<br>• Bewegingskombinasies oor die vloer met veranderende rigtings, bv. loop en hardloop<br>• Gebruik van beelde vir afkoeling en veilige, stadige strekke | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese danswerk | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's of instrumente, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Verkenning van die agt basiese lokomotoriese bewegings, verskillende ruimtes, rigtings en tempo: loop, hardloop, hop, huppel, spring, gly, galop, pylbewegings deur die lug ('leap')<br>• Verkenning van nie-lokomotoriese (aksiaal: rondom die liggaam se eie as) bewegings: opkrul, uitkrul, buig, kinkel/kronkel ('twist'), draai, swaai, skop en ander<br>• Komposisie van 'n kort danssekwens deur lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings, met gebruik van verskillende rigtings, vlakke en tempos | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>1 uur per kwartaal plus huiswerktyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Videos, lewendige uitvoerings (opsioneel), dansboeke, danstydskrifte, handboek, materiaal vir die maak van 'n plakaat, werkblaaie |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Gedragskode in die dansklas: bespreking, onderhandeling en maak van 'n klasplakkaat<br>• Dansterminologie: lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegingsterme | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 2 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus naskooloefening een keer per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's of trom, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Konsolidasie van werk gedoen in Kwartaal 1<br>• Geleidelike ontwikkeling van opwarmingsritueel met die fokus op die postuur en liggaamsbelyning<br>• Vloerwerk: ontwikkeling van krag en mobiliteit in heupe en voete<br>• Isolasie van liggaamsdele, kombinering van verskillende liggaamsdele, bv. skouers en ribbes, heupe en knieë<br>• Handgebare, artikulasie en koördinasie<br>• Beenspier- en gewrigsversterking en mobiliteit: soos tevore plus uitvalstande ('lunges'), oplig van bene en skoppe<br>• Gewigsverplasings - uitvalstande ('lunges') en passies in alle rigtings<br>• Eenvoudige draaie met oogfokus<br>• Artikulasie van voete en mobiliteit van die enkel- en kniegewrigte: isolasie van voete, klein spronge vanaf twee voete en land op twee voete met ritmiese patrone, fokus op veilige landing<br>• Sweefbewegings deur gebruik te maak van 'n reeks musiekgenres en ritmes<br>• Passies en sekwense van 'n sosiale of populêre dansvorm<br>• Afkoeling: geleidelike vermindering van spoed en grootte van bewegings en strekke | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese danswerk | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Danselemente: tyd - stadige aksie, dubbeltyd, verskillende aksente/klem en poliritmes<br>• Verhoudings: lei en volg, eenheid bewegings<br>• Komposisie van bewegingsfrases in pare, veranderende tempo en aksent/klem | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>1 uur per kwartaal plus eie navorsingtyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Werkblaaie, dansboeke, danstydskrifte, prente, DVD (opsioneel), handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Doel van opwarming: om suurstofinhoud te verhoog, hartklop te verbeter, soepelheid van gewrigte en spiere te bevorder om beserings te verminder en die gedagtes te fokus<br>• Doel van afkoeling: geleidelike vermindering in spoed en grootte van bewegings, terugkeer van hartslag en asemhaling na normaal<br>• Bespreking oor 'n sosiale of populêre dans: oorsprong, karaktereienskappe, effek op die dansers en gehoor | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 3 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus naskooloefening een keer per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's of trom, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Konsolidasie van werk in Kwartale 1 en 2 gedoen<br>• Byvoeging tot opwarmingsritueel: spinale rolle, sywaartse buigings, armswaaie en draaibewegings van verskillende liggaamsdele.<br>• Byvoeging tot vloerwerk: armmobilisasie, posisies en sekwense<br>• Armbewegings: posisies, beheer en koördinasie<br>• Beenspier- en gewrigsversterking en mobiliteit: kniebuigings en staan op die bal van die voet ('rises') hakke met balans, sirkelvormige beenbewegings en skoppe in alle rigtings<br>• Gewigsverplasingkombinasies met ritmiese variasies<br>• Draai op een been met oogfokus<br>• Artikulasie van die voete en mobiliteit van die enkel- en kniegewrigte: isolasie van voete, klein spronge vanaf twee voete, en land op een voet en van een voet en land op een voet, met veilige landing<br>• Bewegings deur ruimte/sweefbewegings, bv. galoppe, tree-hop en spronge deur die lug ('leaps')<br>• Leer van 'n kort groepdans, fokus op spanwerk en aanbiedingsvaardighede<br>• Afkoeling: strek- en ontspanningsoefeninge met sagte, rustige musiek | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese danswerk | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Verkenning van danselemente: ruimte - simmetrie, asimmetrie en patroonvorming<br>• Verkenning van danselemente: krag - hoe die gebruik van energie/krag die kwaliteit van dansbewegings beïnvloed; gewig, swaartekrag; kontrabalanseer<br>• Verhoudings binne en tussen liggame: aktief en passief | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>1 uur 30 minute per kwartaal plus eie navorsingtyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Werkblaaie, videos, lewendige uitvoerings (opsioneel) dansboeke, danstydskrifte, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Bespreking van 'n dans soos gesien in die samelewing, op televisie of op die verhoog: tipe dans, gebruik van bewegings, tipe musiek wat gebruik word, idees/temas wat oorgedra word<br>• Dans en verwante loopbane: navorsing en aanbieding: vaardighede, kwalifikasies en kwaliteite benodig; beskrywing van loopbaan | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 4 | GRAAD 8 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus naskooloefening een keer per week | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's of slaginstrumente, handboek, assesseringsinstrument |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Bemeestering van die danstegnieke van die vorige kwartale as voorbereiding vir formele assessering<br>• Bemeestering en uitvoering van 'n kort groepdans deur toewyding tot die bewegings, aandag tot detail, tydsberekening en ruimtelike bewustheid te wys vir formele assessering<br>• Afkoeling d.m.v. vloeiende liriese bewegings op stadige, rustige musiek gevolg deur strekking van alle liggaamsdele | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese danswerk | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, slaginstrumente, assesseringsinstrument |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Verkenning van handgebare en verandering daarvan van letterlik tot abstrak<br>• Kombinering van handgebare in 'n bewegingsekwens<br>• Komposisie van 'n bewegingsekwens wat van handgebare gebruik maak om 'n idee, stemming of gedagte te verken vir formele assessering | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 uur per kwartaal plus huiswerktyd en eie hersieningstyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Werkblaaie/notas oor danselemente en dansterminologie, eksamenvraestel/ toets |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Hersiening van Dansteorie en -geletterdheid van Kwartale 1, 2 en 3<br>• Besinning oor eie dansondervindings | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 3.1.3 Dans in Graad 9

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 1 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus tyd na skool een keer per week vir oefening | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's, of trom, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Danskonvensies: groet/erkenning by begin en einde van die klas, gebruik van ruimte (beweeg oor ruimte in pare, geen stamp teen mekaar, respek vir ander, klasdissipline)<br>• Geleidelike opbou van opwarmingsritueel insluitende:<br>- Spinale-opwarming, armswaaie/strekke/uitvalstande ('lunges') soos per dansvorm<br>- Vloerwerk: kernstabiliteitsoefeninge vir die abdominale- en spinalerugspiere: ronding en verlenging van die ruggraat en sywaartse-buigings<br>- Beenspier-, enkel- en kniegewrigmobiliteit en versterking: kniebuigings en staan op die bal van die voet ('rises'), in parallel en uitwaartse rotasie, klem op liggaamsbelyning<br>• Isolasie van liggaamsdele: kombinasie van liggaamsdele met ritmiese patroonvorming<br>• Voetopwarming en klein springsekwense<br>• Kombinasies van lokomotoriese passies in ruimte; verandering van rigting<br>• Afkoelinging met ontspanningsbeelde en stadige, veilige strekke | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 ure per kwartaal. Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese klasse | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Verkenning van natuurlike handgebare, afgewissel deur vergroting, stadige aksie en herhaling<br>• Komposisionele strukture: begin en einde, herhaling, stilte<br>• Komposisie van 'n sekwens in pare, gebaseer op handgebare met 'n duidelike begin en einde, herhaling en stilte | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 ure per kwartaal plus eie navorsingstyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Handboek, plakate of raamwerk, notas oor opwarming en afkoeling, werkboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Inleiding tot die beginsels van postuur en liggaamsbelyning<br>• Gebruik van kern, gebruik van ruggraat, veilige landings | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 2 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus tyd na skool een keer per week vir oefening | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's, of trom, handboek |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Konsolidasie van werk gedoen in Kwartaal 1
- Aanvulling tot die opwarmingsritueel: fokus op veilige danspraktyk, bv. gebuigde kniee in lyn met middeltone, plasing van voete en arms, sterk opgeligte (verhewe) senter.
- Vloerwerk: kernstabiliteit en versterkingsoefeninge met fokus op asemhaling, vloei en verlenging van 'n sterk senter.
- Enkel-, knie- en skouergewrigsmobiliteit en versterking: kniebuigings en staan op die bal van die voet ('rises') met arm koördinasie
- Beenoefeninge vir balans en beheer: fokus op uitwaartse heuprotasie om stabiliteit en krag te verbeter; 'n verskeidenheid van bewegings in die heupgewrig: vee-bewegings ('brushes'), skoppe en balansering op een been.
- Draai op 'n kol en beweeg aan met oogfokus ('spotting').
- Gewigsverplasing teen 'n stadige tempo met beheer en balans.
- Voorbereidende voetartikulasie vir klein sprongreekse met rigtingverandering.
- Leer 'n inheemse Suid-Afrikaanse dans, danspassies en style .
- Afkoelinging en veilige, stadige strekking.

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese klasse | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, handboek |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Verhoudings: werk in pare: ontmoet en skeiverlaat, roep en antwoord, blind en lei, positiewe en negatiewe vorms, gee en ontvang van gewig
- Komposisionele strukture: fokus op oorgange tussen bewegings, eenheide/harmonieuse bewegings en kanon

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br><br>**-** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 ure per kwartaal plus eie navorsingstyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Handboek, DVD's/Video/lewendige uitvoerings, dansboeke, danstydskrifte, skryfmateriaal, werkboek |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Dansterminologie - name van passies (soos gedek in die praktiese komponente), dans elemente (tyd, ruimte, krag)
- Analise van eie en ander se danse deur van dansterminologie gebruik te maak: duidelikheid van idee, komposisie/ samestelling, gebruik van ontwerpelemente


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 3 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus tyd na skool een keer per week vir oefening | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's, of trom, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Konsolidasie van werk in Kwartale 1 en 2 gedoen<br>• Aanvulling tot die opwarmingsritueel: fokus op veilige danspraktyk en kinestetiese bewustheid (korrekte plasing van liggaam in ruimte), kniebuigings, en staan op die bal van die voet ('rises') met armkoördinasie<br>• Armoefeninge om vloeiende bewegings te ontwikkel<br>• Beenoefeninge: versterking en strekking van spiere en uitbreiding van bewegingsmoontlikhede in die gewrigte: lae en hoë vee-bewegings ('brushes') en skoppe, en sirkelvormige beenbewegings vanuit die heupe<br>• Opbou van stamina deur spronge, galop, lugspronge ('leaps') en kombinasies van groot motoriese bewegings op maat van verskillende musiekgenres en -ritmes, met dinamiekvariasie (spoed, energie).<br>• Leer van 'n kort, vinnige danssekwens met die klem op vinnige voetwerk<br>• Afkoelinging: vloeiende liriese bewegings in pare gevolg deur rustige, stadige strekke | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese klasse | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, rekwisiete, prente, hindernisse, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Verkenning van danselemente: klem op kontrasterende dinamika.<br>• Verkenning van idees, stemming en/of gedagtes d.m.v. beweging, die gebruik van verskillende stimuli, bv. rekwisiete, opstruksies, sportbewegings, geometriese vorms, wisselende tiener gemoedstemmings.<br>• Komposisie van 'n bewegingsekwens op 'n stimulus gebaseer in pare of klein groepe | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 ure per kwartaal plus eie navorsingstyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Handboek, werkblaaie, dansboeke, danstydskrifte, skryfmateriaal, werkboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Dansgeletterdheid: bespreking van 'n dans hetsy soos gesien op die verhoog, in samelewingpe, op televisie, of op DVD gesien (verwys na genre, konteks, bewegingswoordeskat, begeleiding en vindingrykheid)<br>• Vergelyk drie Suid-Afrikaanse dansvorms: oorsprong, kultuur, bewegingstipes | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DANS | KWARTAAL 4 | GRAAD 9 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>Ten minste 45 minute per week gedurende skooltyd plus tyd na skool een keer per week vir oefening | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel en CD's, of trom, handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Bemeestering van die dansklas soos in vorige kwartale met aandag op detail, korrekte postuur, korrekte liggaamsbelyning en veilige landings vanuit sweefbewegings, as voorbereiding vir formele assessering<br><br>• Bemeestering en uitvoering van 'n groepdanssekwens wat toewyding tot beweging, fokus, musikaliteit en ruimtelike bewustheid tussen dansers wys, vir formele assessering | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>**2 ure per kwartaal.** Improvisasie kan geïntegreer word met tegniese danswerk | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, rekwisiete, kletsrym, gedigte, liedere , handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Komposisie van 'n bewegingsekwens met 'n maat of in 'n groep, deur van 'n tema met 'n rekwisiet en 'n gedig, kletsrym, lied of musiek gebruik te maak, deur komposisionele strukture te inkorporeer, vir formele assessering | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br><br>2 ure per kwartaal plus eie hersieningstyd | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br><br>Eksamenvraestel en merkmemorandum, handboek, werkboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br><br>• Besinning oor eie danservarings<br><br>• Hersiening van die jaar se werk vir formele assessering | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

## 3.2 WAT WORD IN DRAMA GELEER?

### 3.2.1 Drama in Graad 7

| SENIOR FASE: DRAMA | KWARTAAL 1 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Ontwikkeling van dramavaardighede** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>15 minute elke week aan die begin van 'n les<br>(2 ure 30 minute per kwartaal) | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Trom/tamboeryn, DBO-goedgekeurde handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Onderwyserontwerpte opwarmingsroetine<br>**Stemontwikkeling**<br>• Ontspanningsoefeninge<br>• Asemhalingsoefeninge<br>• Resonansie-oefeninge<br>• Artikulasie-oefeninge<br>**Fisiese ontwikkeling**<br>• Verlig spanning, opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam<br>• Spieëlwerk in pare en klein groepe (stadige en egalige bewegings terwyl een leerder lei en die ander een volg, brei uit na vier leerders in 'n diamantvorm, wat in dieselfde rigting kyk. Leerder aan punt van diamantvorm lei.)<br>• Gebruik beelde om die liggaam op te warm en verken bewegingsdinamika<br>• Lei- en volgbewegings in pare, klein groepe en as 'n klas | | |
| **Onderwerp 2**<br>**Drama-elemente in toneelskepping** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>6 uur 30 minute per kwartaal | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Trom/tamboeryn, handboek, prente, koerantartikels, ens. gebruik as stimulus in toneelspel |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>**Toneelskepping/groepimprovisasie - struktuur, groepering, vorm, klimaks**<br>• Ontwikkel kort geïmproviseerde dramas in groepe van twee tot vier leerders met 'n begin, middel en einde<br>• Vra die volgende: wie, wat, waar en wanneer<br>• Verken temas van belang m.b.t. die leerders<br>• Verken, luister en konsentrasie, aksie en reaksie (gebruik leidrade van mekaar se reaksies om die drama saam te bou)<br>• Groepering n.a.v. die karakters, ruimte, tema, boodskap van die geïmproviseerde drama<br>• Verken fisiese verhoudings t.o.v. ruimte: nabyheid t.o.v. mekaar, gebruik van vlakke, fokuspunte<br>• Neem ruimtelike ooreenkomste in ag: waar/hoe die gehoor die prentjie sien (gebruik 'n verskeidenheid van ooreenkomste, bv. aan die einde, in die rondte, in die hoek)<br>• Vorm en ontwikkel die tonele - gebruik tableaux (gevriesde prent/stilbeeld) om die aksie te fokus<br>• Besinning en terugvoering: bespreking van die leerderes se ervaring en verken maniere vir verbetering<br>**Kritiese besinning** oor professionele uitvoering, verkieslik lewende optredes.<br>NOTA: Hierdie kan êrens anders in die jaar geskeduleer word, indien dit meer gerieflik vir die skool is. | | |
| **Onderwerp 5**<br>**Loopbane** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>1 uur per kwartaal | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>DBO-goedgekeurde handboek |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>Verken loopbane in die vermaaklikheidsindustrie, insluitende akteurs (teater en film), dansers, sangers, hansworse, komediante, ens. | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: DRAMA | KWARTAAL 2 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br>**Ontwikkeling van dramavaardighede** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>15 minute elke week aan die begin van 'n les<br>(2 ure 30 minute per kwartaal) | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Trom/tamboeryn, DBO-goedgekeurde handboek |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Onderwyserontwerpte opwarmingsroetine. Ontwikkel 'n opwarmingsroetine met nuwe oefeninge in elk van die volgende areas:

**Stemontwikkeling**

- Ontspanningsoefeninge, asemhalingsoefeninge, resonansie-oefeninge, artikulasie-oefeninge

**Fisiese ontwikkeling**

- Verlig spanning, opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam
- Beheerde en gefokusde bewegings d.m.v. spieëlwerk (klasspieëls, waar die klas in twee rye oorkant mekaar staan, en elke paartjie weerspieël hulle teenoorgestelde maat, om sodoende 'n groot groepspieël te skep)
- Gebruik beelde vir opwarming van die liggaam en verken bewegingsdinamika
- Lei- en volgbewegings in pare, klein groepe en as 'n klas

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>**Interpretasie en opvoering van 'n keuse van dramatiese vorms: volksverhale of spreekkoor/ koorspraak** | **Voorgestelde kontaktyd:**<br>6 uur 30 minute per kwartaal (plus buite klas repetisietyd een maal 'n week) | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Voorbeelde van 'n verskeidenhied volksverhale, gepaste gedigte vir die gebruik in spreekkore |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

**Interpretasie en opvoering van 'n keuse van dramatiese vorms: volksverhale of koorspraak/spreekkoor**

**Volksverhale (individuele of groepuitvoering)**

Verken:

- Storieverteltegnieke
- Verhalend en dialoog
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in die beskrywing van kunswerke<br>• Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie - persoonlike betekenis en herkenning van beelde in woorde uitgedruk<br>• Wyer wêreld: leerder se belangstelling, die sosiale wêreld, huidige gebeure en hoe dit in kuns, kunsvlyt, ontwerp en populêre kultuur in die globale wêreld uitgedruk word, bv. gebruik internasionale, plaaslike, verlede en huidige voorbeelde<br>• Uitdrukking, identifisering/benaming, vraag en besinning deur te kyk na, te praat, te luister en te skryf oor die visuele wêreld | | | |
| **Onderwerp 1**<br>**Skep in 2D** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>4 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Gepaste visuele stimuli (bv. beelde van 'n gekose tema) | **Materiaal:**<br>Oliepastelle, tempera verf, gepaste eie keuse |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbesingsels: gebruik in eie kunswerke<br>• Eie en wyer wêreld: klem op die waarneming en interpretasie van die breër visuele wêreld<br>• Beplanning en voorbereiding: met leiding, insameling van hulpbronne, visuele inligting en die maak van voorlopige tekeninge en sketse as voorbereiding vir die finale projekte | | | |
| **Onderwerp 1**<br>**Skep in 2D**<br>**Formele assesseringsprojek** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>3 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Gepaste visuele stimuli (bv.<br>Skraapbord van 'n gekose tema) | **Materiaal:**<br>Wit waskryt, swart waterdigte ink, swart tempera verf, klein hoeveelheid opwasmiddel, eenvoudige etsgereedskap (skerp gevonde voorwerpe: spykers, spelde, kompaspunte, ens.) stywe papier/bord (ongeveer 20 x 20 cm) |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente: vorm, lyn, toonwaarde, tekstuur<br>• Ontwerpbeginsels: kontras, verhouding, klem<br>• Eie en wyer wêreld: klem op waarneming en interpretasie van die wyer visuele wêreld. Temas om te verken: waarnemingsprojekte (klein voorwerpe en stillewe samestellings, figuurtekening), leerder se belangstellings, die sosiale wêreld, huidige gebeure, kuns, kunsvlyt, ontwerp en populêre kultuur<br>• Eenvoudige etstegnieke: skraapbord, ets, teken, krap | | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 3.4.3 Visuele Kunste in Graad 9

| SENIOR FASE: VISUELE KUNSTE | | KWARTAAL 1 | GRAAD 9 |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>**Visuele geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>1 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Fotos van kunswerke (bv. portrette) | |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in die beskrywing van kunswerke<br>• Persoonlike betekenis en herkenning van beelde in woorde uitgedruk: uitdrukking, identifikasie/benaming, vraag en besinning deur waar te neem, te luister en te praat oor portrette/skilderye | | | |
| **Onderwerp 1**<br>**Skep in 2D** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>4 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Fotos van kunswerke (bv. portrette) | **Materiaal:**<br>Tempera of akriliese verf, of oliepastelle, A3 papier |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in eie werk<br>• Verkenning van 'n verskeidenheid verftegnieke: verdieping en uitbreiding van kleurmeng, kwasmanipulasie, persoonlike interpretasie<br>• Klem op die waarneming en interpretasie van die portret | | | |
| **Onderwerp 3**<br>**Visuele Geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>1 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Kunsvlyt en kunswerke, boeke, tydskrifte populêre kultuur, biblioteke, gallerye, museums, ens. vir klasbespreking oor die rol van die kunstenaar in die samelewing | |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie<br>• Ooreenkomste en verskille, respek en begrip van die self en die samelewing; die kunste as erfenis<br>• Waarneming, luister en praat oor die rol van die kunstenaar as bydraer, waarnemer en sosiale kommentator in die globale samelewing<br>• Persoonlike betekenis en herkenning van beelde met betrekking tot die rol van die kunstenaar in die samelewing in eie woorde uigedruk: interpreteer, analiseer en herkenning van simboliese taal, bv, tekens, nasionale simbole, kulturele simbole | | | |
| **Onderwerp 3**<br>**Visuele Geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>2 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Kunsvlyt en kunswerke, boeke, tydskrifte populêre kultuur, biblioteke, gallerye, museums, ens. vir klasbespreking oor die rol van die kunstenaar in die samelewing | |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Ontwikkeling van navorsingsvaardighede: Vind uit oor 'n kunstenaar/kunswerk/styl deur van verskillende bronne gebruik te maak: boeke, biblioteke, internet, ens.; formele geskrewe terugvoering of klasaanbieding (kan groepwerk wees). Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie<br>• Die rol van die kunstenaar in die samelewing: rol van die kunstenaar as bydraer, waarnemer en sosiale kommentator in die wyer samelewing | | | |
| **Onderwerp 3**<br>**Visuele Geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>2 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Leerders se navorsingsbevindinge: deel en debateer oor navorsing | |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Klasaanbiedings oor die rol van die kunstenaar in die globale samelewing (kan groepwerk wees)<br>• Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie | | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: VISUELE KUNSTE | | KWARTAAL 2 | GRAAD 9 |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br>**Skep in 3D** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>4 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Visuele stimuli gepas vir 'n gekose tema (bv. Makette vir Suid-Afrikaanse beeldhouwerk vir openbare ruimtes | **Materiaal:**<br>Papiermâché, stukkies karton vir ondersteuning en anker; eie addisionele materiaalkeuses |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in eie werk<br>• Konstruksie en modelleringstegnieke: goeie vakmanskap, onbekende en bekende tegnieke (plak, sny, modellering, toedraai, bind, stikwerk, laswerk, kerfwerk en ander)<br>• Ruimtelike bewustheid: bewuste ervaring deur met vorms in die konstruksie of modelleringsproses te werk<br>• Klem op verbeeldingryke voorstelling: bewuste gebruik van ruimte; ruimtelike bewustheid: ontwikkeling van vlak, diepte en visuele perspektief.<br>• Besorgdheid oor die omgewing: gebruik van herwinbare materiale | | | |
| **Onderwerp 1**<br>**Skep in 2D** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>4 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Visuele stimuli van gepaste artefakte (bv. stillewe om openbare kommentaar te lewer) | **Materiaal:**<br>Tempera of akriliese verf in geselekteerde kleurreeks; verskeidenheid van kwasgroottes; A2 papier |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in eie werk<br>• Skilder/verf: verdieping en uitbreiding van kleurmeng, kwasmanipulasie, persoonlike interpretasie<br>• Klem op die waarneming en interpretasie van die stillewe om openbare kommentaar te lewer | | | |
| **Onderwerp 1**<br>**Skep in 2D** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>2 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Gepaste visuele stimuli (bv. 'n logo/letternaam wat 'n Suid-Afrikaanse motief gebruik) | **Materiaal:**<br>Herwinbare en gekleurde papier; skêr en handwerkmesse; gom en kartonstroke vir die aanwending van gom |
| **Inhoud/konsepte/vaardighede**<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in eie ontwerpprojek om 'n letternaam (logo) te ontwerp<br>• Letterwerk en ontwerpprojekte: eksperimentering met beelde en teks<br>• Patroonmaak - skep eie in 'n collage (eksperimenteer met verskillende herhalingsmetodes) | | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

<table>
<tr><th colspan="2">SENIOR FASE: VISUELE KUNSTE</th><th>KWARTAAL 3</th><th>GRAAD 9</th></tr>
<tr><td>Onderwerp 3<br>Visuele geletterdheid</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>1 uur</td><td colspan="2">Voorgestelde Hulpbronne:<br>Gepaste visuele stimuli (bv. sosiale kommentaar in werke deur 'n drukkunskunstenaar, houtsneewerk, linosnitte en etse)</td></tr>
<tr><td colspan="4">Inhoud/konsepte/vaardighede<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in die beskrywing van kunswerke<br>• Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie oor die rol van die kunstenaar as bydaer, waarnemer en sosiale kommentator in die breër samelewing; persoonlike betekenis en herkenning van beelde in woorde uitgedruk<br>• Bespreek kunswerke by morele, etiese en filosofiese besprekings om betrokke te raak, om idees te formuleer en om respek vir die opinies en visuele uitdrukking van ander aan te leer<br>• Uitbreiding en verdieping van kritiese denke en reflektiewe vaardigheid</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 1<br>Skep in 2D</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>4 uur</td><td>Voorgestelde Hulpbronne:<br>Gepaste visuele stimuli (bv. sosiale kommentaar in werke deur 'n drukkunskunstenaar, houtsneewerk, linosnitte en etse) verken in skraapbord</td><td>Materiaal:<br>Wit waskryt, swart waterdigte ink, swart tempera verf, klein hoeveelheid opwasmiddel, eenvoudige etsgereedskap (skerp gevonde voorwerpe: spykers, spelde, kompaspunte, ens.) stywe papier/bord (ongeveer 30 x 40 cm)</td></tr>
<tr><td colspan="4">Inhoud/konsepte/vaardighede<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: verkenning in eie skraapbord<br>• Eenvoudige etstegnieke: bv. skraapbord; ets, teken, krapwerk<br>• Verskeidenheid van papiergroottes en formaat: aanmoediging van werk in verskillende skale en grade van detail</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 3<br>Visuele geletterdheid</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>1 uur</td><td colspan="2">Voorgestelde Hulpbronne:<br>Gepaste visuele stimuli (bv. kuns en ontwerp voorbeelde vanuit populêre kultuur, KD-omslae, selfoon muurpapiere en rekenaar ‘screensavers’)</td></tr>
<tr><td colspan="4">Inhoud/konsepte/vaardighede<br>• Kunselemente en ontwerpbeginsels: in beskrywing van voorbeelde van globale populêre kultuur gebruik<br>• Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie<br>• Die rol van die kunstenaar in die samelewing as bydraer tot globale populêre kultuur<br>• Besprekings oor ooreenkomste en verskille, respek en begrip van self en samelewing: die kunste as populêre kultuur<br>• Waarneming, luister en praat oor kuns en ontwerp as populêre kultuur: persoonlike betekenis en herkenning van beelde in woorde uitgedruk; interpretasie, analisering en herkenning van simboliese taal</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 1<br>Skep in 2D</td><td>Voorgestelde kontaktyd:<br>4 uur</td><td>Voorgestelde Hulpbronne:</td><td>Materiaal:<br>Eie keuse van gepaste media</td></tr>
<tr><td colspan="4">Inhoud/konsepte/vaardighede<br>• Ontwerp: eksperimenteer met kunselemente en ontwerpbeginsels in twee-dimensionele ontwerpprojekte om eie voorbeeld van populêre kultuur te skep<br>• Formulering van persoonlike waardes en respek vir die opinies en visuele uitdrukking van ander<br>• Beplanning en voorbereiding: werk onafhanklik, versamel hulpbronne, visuele inligting en maak voorlopige tekeninge en sketse as voorbereiding vir die finale projek van eie voorbeeld van populêre kultuur<br>• Uitbreiding van manipulasie van 'n verskeidenheid materiaal</td></tr>
</table>


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| SENIOR FASE: VISUELE KUNSTE | | KWARTAAL 4 | GRAAD 9 |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp 3**<br>**Visuele geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**:<br>1 uur | **Voorgestelde Hulpbronne:**<br>Gepaste visuele stimuli (bv. vertoon van kuns in 3D of die media wat publieke kommentaar maak, bv poppekas) | |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Klem op die leerder se persoonlike uitdrukking en interpretasie
- Globale wêreld: huidige gebeure en hoe dit in kuns, kunsvlyt, ontwerp en populêre kultuur uitgedruk word, bv. die buiksprekerpop
- Die rol van die kunstenaar in die samelewing: die rol van die kunstenaar as bydraer, waarnemer en sosiale kommentator in 'n breër samelewing
- Uitdrukking, identifisering/benoeming, vraag en besinning deur te kyk na, te praat en te skryf oor die kunstenaar as sosiale kommentator d.m.v. poppekas; persoonlike betekenis en herkenning van beelde in woorde uitgedruk

| **Onderwerp 2** | **Voorgestelde kontaktyd**: | **Voorgestelde Hulpbronne:** | **Materiaal:** |
|---|---|---|---|
| **Skep in 3D** | 4 uur | Gepaste visuele stimuli (bv. die maak van 'n buiksprekerpop om die kunste in 3D te vertoon wat publieke kommentaar lewer) | Bokse, toiletrolle, polistireenhouers en verpakkingsmateriaal, kurk, toedraaipapier, tinfoelie, wol, tou, krale, draad |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik om 'n buiksprekerpop in 3D te skep
- Beplanning en voorbereiding: werk onafhanklik, versamel hulpbronne, visuele inligting en maak voorlopige tekeninge en sketse as voorbereiding vir die finale poppekasprojekte
- Konstruksie en modelleringstegnieke: goeie vakmanskap, onbekende en bekende tegnieke (plakwerk, snywerk, modellering, toedraai, bindwerk, stikwerk, laswerk, kerfwerk en ander)
- Ruimtelike bewustheid: bewuste ervaring deur met vorms in die konstruksie van 'n marionet te werk
- Besorgdheid oor die omgewing: gebruik van herwinbare materiaal
- Gebruik van gereedskap: veiligheid, neem ander in ag, deel van hulpbronne

| **Onderwerp 1A** | **Voorgestelde kontaktyd**: | **Voorgestelde Hulpbronne:** |
|---|---|---|
| **Skep in 2D** | 2 uur | Gepaste visuele stimuli (bv. model wat lê) |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Kunselemente en ontwerpbeginsels: gebruik in die figuurtekening van 'n model
- Klem op die waarneming en interpretasie van die model
- Verdieping en uitbreiding van verskillende benaderings tot tekenwerk: lyn, toonwaarde, tekstuur, merkmaak
- Verskeidenheid van papiergroottes en formaat: aanmoediging van werk in verskillende skale en grade van detail

| **Onderwerp 1B** | **Voorgestelde kontaktyd**: | **Voorgestelde Hulpbronne:** | **Materiaal:** |
|---|---|---|---|
| **Skep in 2D**<br>**Keuse van A of B vir formele assesseringsprojek** | 3 uur | Gepaste visuele hulpbronne, bv. kwaliteit boekillustrasies, fotos vir simboliese persoonlike uitdrukking wat deel uitmaak tot die globale wêreld | Leerder se eie keuse van gemengde media |

**Inhoud/konsepte/vaardighede**

- Kunselemente en ontwerpbeginsels: gepaste keuses en gebruik
- Teken en skilder/verf: verkenning van 'n verskeidenheid en kombinasie van gemenge media
- Moontlike insluiting van letterwerk en ontwerpprojekte, patroonmaak
- Klem op persoonlike interpretasie wat deel uitmaak tot die globale wêreld.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

# AFDELING 4: ASSESSERING

## 4.1 INLEIDING

Assessering is 'n aaneenlopende beplande proses om inligting oor leerderprestasie weer te gee, d.m.v. identifisering, insameling en interpretasie van versillende vorms van assessering gebruik te maak. Dit behels vier stappe: generering en insameling van prestasiebewyse; evaluering van hierdie bewyse; optekening van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en daarbenewens te help, met die doel om die leer- en onderrigproses te verbeter.

Assessering moet informeel (assessering vir die leerproses) en formeel (assessering van die leerproses) wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoering aan die leerders voorsien word om die leerders se leerproses te verbeter.

In die Skeppende Kunste moet die benadering tot assessering en terugvoering konstruktief en aanmoedigend wees, om sodoende die leerders se selfvertroue op te bou. Groot sorg moet geneem word om negatiewe, kwetsende of persoonlike opmerkings te vermy. Die klem in die Skeppende Kunste in die Senior Fase moet op praktiese assesserings wees, eerder as op geskrewe eksamens.

*As gevolg van die kort tyd vir elke kunsvorm aangewys (1 uur per week), moet assessering deel van die leerproses wees en moet nie as 'n aparte geval gesien word nie.*

## 4.2 INFORMELE DAAGLIKSE ASSESSERING

Die doel van assessering vir die leerproses is om inligting oor die leerders se prestasies deurlopend te versamel. Hierdie inligting word dan gebruik om hulle leerproses te verbeter.

Informele assessering is die daaglikse kontrole van die leerders se vordering. Dit word d.m.v. waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyserkonferensies, informele klaskamerinteraksies, ens. gedoen. Informele assessering kan so eenvoudig wees soos om gedurende die les te stop om die leerders waar te neem, of om met die leerders te bespreek hoe die leerproses besig is om te vorder. Informele assessering moet gebruik word om terugvoering aan die leerders te verskaf en ook vir onderrigbeplanning, maar hoef nie aangeteken te word nie. Dit moet nie as verwyderd van die leeraktiwitiete wat in die klaskamer plaasvind gesien word nie. Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake merk.

Selfassessering en portuurassessering betrek die leerders aktief met die assessering. Dit is belangrik omdat dit die leerders toelaat om van hulle eie werkverrigting te leer en daaroor te besin. Die resultate van die informele daaglikse assesseringstake word nie formeel opgeteken nie, tensy die onderwyser dit wil doen. Die resultate van daaglikse assesseringstake word nie vir bevorderings- en sertifikasiedoeleindes in ag geneem nie.

## 4.3 FORMELE ASSESSERING

Alle assesseringstake waaruit die formele assesseringsprogam vir die jaar bestaan, word as formele assessering geag. Formele assesseringstake word gemerk en formeel deur die onderwyser aangeteken vir vorderings- en sertifikasiedoeleindes. Alle formele assesseringstake is onderworpe aan moderering vir die doel van kwaliteitsversekering en om te verseker dat die toepaslike standaarde behou word.

Formele assessering bied die onderwysers 'n stelselmatige manier van evaluering van hoe goed die leerders in 'n graad, en in 'n spesifieke vak, vorder. Voorbeelde van formele assessering sluit die volgende in: toetse, eksamens,


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

praktiese take, projekte, modelinge-aanbiedings, demonstrasies en uitvoerings. Formele assesseringstake vorm deel uit van 'n jaarlange formele assesseringsprogram in elke graad en vak.

Die forms van assessering moet met die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die leerders ooreenstem. Die ontwerp van hierdie take moet die inhoud van die vak dek en sluit 'n verskeidenheid take wat so ontwerp is om die doelwitte van die vak te bereik.

| KOGNITIEWE VLAKKE | AKTIWITEIT | PERSENTASIE VAN TAAK |
|---|---|---|
| Laag | Herhalingsvaardighede in elke kunsvorm | 30% |
| Medium | Toepassing van vaardighede<br>Analise van kunswerke<br>Geskrewe opdragte/take wat begrip vereis | 40% |
| Hoog | Skeppende werk; sintese van vaardighede en kennis t.o.v. kunswerke; evaluasie van kunswerke | 30% |

In die Senior Fase moet Skeppende Kunste leerders formele assesserings in elkeen van hulle twee geselekteerde kunsvorms ondergaan.

Praktiese werk: Assessering moet die vordering d.m.v. klaswaarneming van praktiese werk volg, en tot 'n praktiese assesseringstaak in elke kunsvorm in die vierde kwartaal opbou.

Geskrewe werk: As gevolg van die gebrek aan tyd, word geskrewe assesserings tot een geskrewe assessering/toets per vorm per jaar beperk, asook 'n einde-van-die-jaar geskrewe eksamenvraestel.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

## 4.4 ASSESSERINGSPROGRAMME

Die assesseringsprogramme is ontwerp om formele assesseringstake in alle vakke in 'n skool deur die jaar te versprei.

In die Senior Fase tel skoolgebaseerde assessering 40% en die einde-van-die-jaar eksamen tel 60%.

Die vereistes (hoeveelheid en aard van die take) en gewigstoekenning vir die Skeppende Kunste word hieronder aangedui:

| ASSESSERINGPROGRAM: SKEPPENDE KUNSTE | | | |
|---|---|---|---|
| **Formele assessering**<br>**(SGA gedurende die jaar)** | | **Einde-van-die-jaar eksamen** | |
| **40%** | | **60%** | |
| Assessering van praktiese werk in twee kunsvorms 30%<br>Taak/geskrewe toets in twee kunsvorms 10% | | Uitvoering/aanbieding in elke kunsvorm 40%<br>Geskrewe eksamenvraestel/le met vrae van elke geselekteerde kunsvorm 20% | |
| **Assessering per kwartaal** | | | |
| **Kwartaal 1** | **Kwartaal 2** | **Kwartaal 3** | **Kwartaal 4** |
| <u>Praktiese assessering</u><br>Kunsvorm 1: 10 punte (5%)<br>Kunsvorm 2: 10 punte (5%)<br><br>**Totaal 10%** | <u>Geskrewe taak of toets</u><br>Kunsvorm 1: 10 punte (5%)<br>Kunsvorm 2: 10 punte (5%)<br><u>Praktiese assessering/toets</u><br>Kunsvorm 1: 10 punte (5%)<br>Kunsvorm 2: 10 punte (5%)<br>**Totaal 20%** | <u>Praktiese assessering</u><br>Kunsvorm 1: 10 punte (5%)<br>Kunsvorm 2: 10 punte (5%)<br>**Totaal 10%** | <u>Praktiese assessering</u><br>Kunsvorm 1: 40 punte (20%)<br>Kunsvorm 2: 40 punte (20%)<br><u>Geskrewe eksamen</u><br>Kunsvorm 1: 20 punte (10%)<br>Kunsvorm 2: 20 punte (10%)<br>**Totaal 60%** |
| *Praktiese klaswerk gedurende die jaar moet tot die finale praktiese eksamens in die twee kunsvorms lei.* | | | |

Dit word voorgestel dat assesseringstake in elke kunsvorm in kwartaal 4 gedoen word. Hieronder volg voorbeelde van assesseringsprogramme en assesseringsinstrumente vir praktiese werk in elke kunsvorm.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 4.4.1 Dans (een van twee kunsvorms)

**Elke kunsvorm dra 'n 50% gewigstoekenning.**

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 7 Dans**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:** Tegniek en improvisasie (ruimte, tyd)<br>10 punte | **Prakties:** Tegniek en improvisasie (krag, verhoudings)<br>10 punte<br>**Geskrewe toets:**<br>Opwarming, afkoeling, danselemente, terminologie<br>10 punte | **Prakties:** Tegniek en improvisasie (kort bewegingsekwens met 'n tema)<br>10 punte | **Praktiese eksamen:** Uitvoering van klaswerk, groepdanssekwens en komposisie (Suid-Afrikaanse tema)<br>40 punte<br>**Geskrewe eksamen:**<br>Insluitende elemente, terminologie, verskillende dansvorms en geletterdheid<br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 8 Dans**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:** Tegniek en komposisie (lokomotoriese en aksiale bewegings)<br>10 punte | **Prakties:** Tegniek en uitvoering van populêre dans en komposisie (tyd, verhoudings)<br>10 punte<br>**Geskrewe toets:**<br>Terminologie, doel van opwarming en afkoeling, dansgeletterdheid - populêre dans<br>10 punte | **Prakties:** Tegniek en improvisasie (ruimte, krag, verhoudings)<br>10 punte | **Praktiese eksamen:** Uitvoering van klaswerk en groepdans en komposisie (gebare)<br>40 punte<br>**Geskrewe eksamen:** insluitende elemente, terminologie, sosiaal, samelewing, populêre dans; loopbane<br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |


Downloaded from eduresourcza.com

 Downloaded from eduresourcza.com

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 9 Dans**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:** Tegniek en komposisie (natuurlike gebare, struktuur)<br><br>10 punte | **Prakties:** Tegniek, inheemse dans en komposisie (struktuur, verhoudings)<br><br>10 punte<br><br>**Geskrewe toets:**<br><br>Beginsels van postuur en liggaamsbelyning, terminologie, dansgeletterdheid<br><br>10 punte | **Prakties:** Tegniek, kort vinnige danssekwens en komposisie (kontras, stemming, temas)<br><br>10 punte | **Praktiese eksamen:** Uitvoering van klaswerk, groepdans en komposisie (stimulus, struktuur)<br><br>40 punte<br><br>**Geskrewe eksamen:** insluitende vergelyking van verskillende dansvorms, dansgeletterdheid, danselemente, terminologie, self-besinning<br><br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |

### 4.4.2 Drama (een van twee kunsvorms)

**Elke kunsvorm dra 'n 50% gewigstoekenning.**

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 7 Drama**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Klaskamerimprovisasie:** Proses en uitvoering (groepwerk)<br><br>20 punte ÷ 2 = 10 | **Toets:** Loopbane en basiese drama-elemente (gedek d.m.v. praktiese werk in kwartaal 1 en 2)<br><br>20 punte ÷ 2 = 10<br><br>**En**<br><br>**Uitvoering:**<br><br>Koorspraak **OF** volksverhale (groepwerk)<br><br>20 punte ÷ 2 = 10 | **Afgeronde uitvoering:**<br><br>Kort ge-improviseerde drama (groepwerk)<br><br>20 punte ÷ 2 = 10 | **Praktiese eksamen:** koorspraak/ spreekkoor<br><br>**OF**<br><br>Volksverhaal (groepwerk)<br><br>40 punte<br><br>**en**<br><br>**Geskrewe eksamen:** loopbane en drama-elemente<br><br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 8 Drama**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Klaskamerimprovisasie:** Proses en uitvoering (groepwerk)<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Toets:** besinning oor eie en ander se uitvoerings en drama-elemente (soos prakties verken)<br><br>**OF**<br><br>**Resensie** van 'n toneelstuk/lewendige uitvoering gesien<br><br>20 punte ÷ 2 =10<br><br>**Uitvoering:**<br><br>Gedig **OF** Lofgedig (individueel en/of in groepe)<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Afgeronde uitvoering**:<br><br>Kort ge-improviseerde drama (groepwerk) met selfgemaakte tegniese hulpbronne<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Praktiese eksamen:**<br><br>Dialoë<br><br>**OF**<br><br>Gedramatiseerde prosa<br><br>**OF**<br><br>Inheemse storievertelling (individueel en/of in groepe)<br><br>40 punte<br><br>**Geskrewe eksamen:**<br><br>Aspekte van media en drama-elemente<br><br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 9 Drama**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Klaskamerimprovisasie:**<br><br>Proses en uitvoering (groepwerk)<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Toets:** Aspekte van media<br><br>**OF**<br><br>**Resensie** van 'n toneelstuk/lewendige uitvoering gesien<br><br>20 punte ÷ 2 =10<br><br>**En**<br><br>**Uitvoering**<br><br>Gedig (individueel)<br><br>**OF**<br><br>**Gedramatiseerde prosa** (individueel)<br><br>Monoloog (individueel)<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Afgeronde uitvoering**:<br><br>Kort ge-improviseerde drama (groepwerk) met selfgemaakte tegniese hulpbronne<br><br>20 punte ÷ 2 =10 | **Praktiese eksamen:**<br><br>Toneelwerk<br><br>**OF**<br><br>Radiodrama<br><br>40 punte<br><br>**En**<br><br>**Geskrewe eksamen:**<br><br>Elemente van drama (soos prakties verken), besinning oor eie en ander se uitvoerings<br><br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | **100** punte |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

### 4.4.3 Musiek (een van twee kunsvorms)

**Elke kunsvorm dra 'n 50% gewigstoekenning**

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 7 Musiek**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:**<br>Solo-/groepwerk uitvoering<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Toets/taak:**<br>Musiekgeletterdheids-aktiwiteite<br>20 punte ÷ 2 =10<br>**Prakties:**<br>Solo- en groepwerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Prakties:**<br>Solo- en ensemblewerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Praktiese eksamen:** Solo- en groepwerk; speel en improvisasie<br>40 punte<br>**En**<br>**Geskrewe eksamen:**<br>Algemene musiekkennis en teorie<br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | 100 punte |

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 8 Musiek**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:**<br>Solo/groepwerk uitvoering<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Toets/taak**:<br>Musiekgeletterdheids-aktiwiteite<br>20 punte ÷ 2 =10<br>**Prakties:** Solo- en groepwerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Prakties:**<br>Solo- en groepwerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Praktiese eksamen:**<br>Solo- en ensemblewerk; speel en improviseer<br>40 punte<br>**En**<br>**Geskrewe eksamen:**<br>Algemene musiekkennis en musiekteorie<br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | 100 punte |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 9 Musiek**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:**<br>Solo/groepwerk uitvoering<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Toets/taak:**<br>Musiekgeletterdheids-aktiwiteite<br>20 punte ÷ 2 =10<br>**Prakties:** Solo- en groepwerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Prakties:**<br>Solo- en groepwerk<br>20 punte ÷ 2 =10 | **Praktiese eksamen:** Solo- en groepwerk; speel en improviseer<br>40 punte<br>**Geskrewe eksamen:** Algemene musiekkennis en musiekteorie<br>20 punte | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | 100 punte |

### 4.4.4 Visuele Kunste (een van twee kunsvorms)

**Elke kunsvorm dra 'n 50% gewigstoekenning**

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 7 Visuele Kunste**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:**<br>Skep in 3D: erdeware figure | **Opstel/aanbieding:**<br>Visuele geletterdheid: navorsing oor 'n plaaslike handwerkkunstenaar | **Prakties:**<br>Skep in 2D: collage van geboue as erfenis | **Eksamen:** Skep in 2D: figuurtekening en skildery met geskrewe besinning oor die gebruik van kunselemente en ontwerpbeginsels | |
| 10 punte | 20 punte | 10 punte | 60 punte | 100 punte |

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 8 Visuele Kunste**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Prakties:**<br>Skep in 3D:<br>mitologiese houer | **Taak:**<br>Skep in 2D: tekening van persoonlike kommentaar oor 'n sosiale kwessie | **Opstel/aanbieding:**<br>Visuele geletterdheid: loopbane in die kunste | **Eksamen:**<br>Skep in 2D: skraapbord met geskrewe besinning oor die gebruik van kunselemente en ontwerpbeginsels | |
| 10 punte | 10 punte | 20 punte | 60 punte | 100 punte |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Voorgestelde assesseringsprogram: Graad 9 Visuele Kunste**

| KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTALE PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| **Aanbieding:** Visuele geletterdheid: Die rol van die kunstenaar in globale samelewing | **Prakties:** Skep in 3D: Markette vir die Suid-Afrikaanse publiek | **Prakties:** Skep in 2D: persoonlike voorbeeld van of populêre kultuur | Figuurtekening met geskrewe besinning oor die gebruik van kunselemente en ontwerpbeginsels van globale tema | |
| 20 punte | 10 punte | 10 punte | 60 punte | 100 punte |

## 4.5 OPNAME EN VERSLAG

Opname is die proses waardeur 'n onderwyser die vlak van die leerder se leerprestasie in 'n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit is 'n aanduiding van die vordering wat die leerder gemaak het deur kennis op te doen soos voorgeskryf in die Kurrikulum en Assesseringbeleidsverklarings. Verslae van leerderprestasie moet bewyse van die leerder se konsepsuele vordering binne 'n graad toon, asook sy/haar gereedheid om na die volgende graad bevorder te word. Verslae van leerderprestasie moet ook gebruik word om vordering wat deur die onderwysers en die leerders in die onderrig- en leerproses gemaak is, te bevestig.

Verslaglewering is 'n kommunikasieproses van leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes. Leerderprestasie kan op verskillende maniere gerapporteer word, bv. rapporte, ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwysersvergaderings, telefoonoproepe, briewe en klas- of skoolnuusbriewe. Onderwysers van al die grade lewer in persentasies in die vak verslag. Sewe vlakke van bevoegdheid is omskryf vir elke vak in Grade R – 12. Die verskillende prestasievlakke en die ooreenkomstige persentasiebande word in die tabel hieronder uiteengesit.

**KODES EN PERSENTASIES VIR OPNAME EN VERSLAGGEWING**

| MERIETESKAAL | BESKRYWING VAN VAARDIGHEID | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitstaande prestasie | 80 – 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 – 79 |
| 5 | Aansienlike prestasie | 60 – 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 – 59 |
| 3 | Gematigde prestasie | 40 – 49 |
| 2 | Elementêre prestasie | 30 – 39 |
| 1 | Geen prestasie | 0 – 29 |

NOTA: Die sewepuntskaal moet duidelike beskrywings bevat wat gedetaileerde inligting vir elke vlak aanbied. Onderwysers sal werlike punte teenoor die taak aanteken deur van 'n verslagskedule gebruik te maak, en sal persentasies of kodes teenoor die vak op die leerder se rapporte weergee.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

Hier is voorbeelde van verslagskedules vir Grade 7, 8 en 9 met twee kunsvorms

**'n Voorbeeld van 'n jaarlikse Graad 7, 8 en 9 Verslagskedule**

| | **KUNSVORM 1** | | | | | | | **KUNSVORM 2** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria | Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 Prakties | Kwartaal 4 Geskrewe | **Totaal kunsvorm 1** | | Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 Prakties | Kwartaal 4 Geskrewe | **Totaal kunsvorm 2** | **Skeppende Kunste Totaal** |
| Maksimum punte | 10 | 20 | 10 | 40 | 20 | 100 | | 10 | 20 | 10 | 40 | 20 | 100 | 200 gedeel deur 2 |
| Name van leerders | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

## 4.6 MODERERING VAN ASSESSERING

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderasie moet by die skool, distrik, provinsiale en nasionale vlakke geïmplementeer word. Omvattende en gepaste moderasiepraktyke moet in plek gestel word om die gehalteversekering van alle vakassessering te verseker.

Omdat die Senior Fase assessering skoolgebaseer is, is dit baie belangrik vir provinsiale en nasionale departemente om standaarde regoor te stel.

Skeppende Kunste moderasie moet die volgende insluit:

- groepstandaardvasstelling;
- interne moderasie deur die skoolbestuurspan;
- steekproefmoderering vir praktiese werk op die skoolterrein vir Grade 7 – 9; en
- eksterne groepmoderering in Graad 9.

Standaardvasstelling, individuele moderasie en groepmoderering kan deur ervare onderwysers of deur die distriks-/ provinsiale amptenare gedoen word.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

## 4.7 BYLAE

Hieronder volg voorbeelde van praktiese assesseringsinstrumente vir elke kunsvorm. Hierdie kan vir spesifieke praktiese take aangepas word.

**Bylae A: Voorbeeld van 'n Graad 9 Praktiese Dans formele assesseringsinstrument**

| ASSESSERINGKRITERIA | MOONTLIKE PUNTE | LEERDER 1 | LEERDER 2 | LEERDER 3 | LEERDER 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Klaswerk** | | | | | |
| • Geheue van oefeninge en bewegings | 5 | | | | |
| • Veilige gebruik van die liggaam (postuur, liggaamsbelyning, veilige landings) | 5 | | | | |
| • Fiksheid (krag, stamina, soepelheid) | 5 | | | | |
| • Vlak van ingewikkeldheid bereik | 5 | | | | |
| **Groepsekwens of dans** | | | | | |
| • Kwalitiet van beweging (koördinasie, beheer, musikaliteit, ingewikkeldheidsvlak, toewyding tot beweging, aandag aan detail, fokus) | 5 | | | | |
| • Spanwerk (tydsberekening, ruimtelike bewustheid) | 5 | | | | |
| **Improvisasie en choreografie** | | | | | |
| • Gebruik van danselemente | 2 | | | | |
| • Gebruik van komposisionele strukture | 2 | | | | |
| • Kreatiwiteit | 2 | | | | |
| • Selfvertroue met improvisering en komposisie | 2 | | | | |
| • Werk met ander | 2 | | | | |
| **Totale punte** | 40 | | | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Bylae B: Voorbeeld van 'n Graad 9 Praktiese Visuele Kunste formele assesseringsinstrument**

| VOORBEELD VAN 'N VISUELE KUNSTE ASSESSERINSINSTRUMENT | MOONTLIKE PUNTE | LEERDER 1 | LEERDER 2 | LEERDER 3 | LEERDER 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Klaswerk (figuurtekening)** | | | | | |
| • Leerder se gebruik van kunselemente: lyn, vorm, toonwaarde | 10 | | | | |
| • Leerder se verkenning van ontwerpbeginsels: verhouding, klem, kontras | 10 | | | | |
| • Leerder se persoonlike interpretasie van die onderwerp | 10 | | | | |
| • Leerder se verkenning van komposisie: plasing binne formaat | 10 | | | | |
| **Totale punte** | 40 | | | | |


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

**Bylae C: Voorbeeld van 'n Graad 9 assesseringsskaal vir 'n dramauitvoering**

| KRITERIA | 10 – 8 | 6 – 7 | 4 – 5 | 1 – 3 |
|---|---|---|---|---|
| **Teks bevat drama-elemente bv. spanning, simbole en tydsberekening** | Uitstaande gebruik van dramatiese elemente | Goeie gebruik van dramatiese elemente | Billike gebruik van dramatiese elemente | Swak gebruik van dramatiese elemente |
| **Teks is kreatief, oorspronklik en opwindend** | Uitsonderlik kreatief en opwindend | Kreatief en opwindend | Redelik kreatief en opwindend | Nie baie kreatief en opwindend nie |
| **Groep het goed saamgewerk en almal het tot die sukses van die teks as 'n uitvoering bygedra** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |
| **Uitvoering is met vertroue aan die klas gelewer met goeie leweringstegnieke; het klas vermaak en ingelig** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |
| **Oortuigende karakterisering** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |
| **Kostuums, rekwisiete, stelle, beligting dra by tot 'n suksesvolle uitvoering** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |
| **'n Bewustheid van die teikengehoor en sy behoeftes was gedemonstreer** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |
| **Die uitvoering vang die tema van die toneelstuk vas** | Oorskry verwagtinge | Voldoen goed aan die verwagtinge | Bevredigende verwagtinge maar op 'n beperkte manier | Voldoen nie aan verwagtinge |

## 4.8 ALGEMEEN

Hierdie dokument moet saam met die volgende gelees word:

**4.8.1** Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die *Nasionale Kurrikulumverslag Grade R - 12*; en

**4.8.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Grade R - 12*


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com